



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2789

PRICE + 1c GST 20c PRYS + 1c AVB

REGULASIEKOERANT No. 2789

Registered at the Post Office as a Newspaper

ABROAD 30c BUITELANDS

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

POST FREE · POSVRY

Vol. 167]

PRETORIA, 4 MAY 1979
MEI

[No. 6424

PROCLAMATION

*by the State President of the Republic of
South Africa*

No. R. 84, 1979

**AMENDMENT OF THE DESIGNATION OF THE
DEPARTMENT OF PLANNING AND THE
ENVIRONMENT AND THE SECRETARY FOR
PLANNING AND THE ENVIRONMENT**

Under the powers vested in me by section 27 of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957), as amended, I hereby amend, in accordance with the recommendation of the Public Service Commission, the First Schedule to the said Act with effect from 1 February 1979 by the substitution of the words "Department of Planning and the Environment" and "Secretary for Planning and the Environment" for the words "Department of Environmental Planning and Energy" and "Secretary for Environmental Planning and Energy" where they appear in columns I and II, respectively, of the First Schedule.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-eighth day of March, One thousand Nine hundred and Seventy-nine.

B. J. VORSTER, State President.

By Order of the State President-in-Council:

A. L. SCHLEBUSCH.

GOVERNMENT NOTICES

**DEPARTMENT OF AGRICULTURAL
ECONOMICS AND MARKETING**

No. R. 973

4 May 1979

**REGULATIONS FOR REGULATING THE
REQUIREMENTS IN CONNECTION WITH THE
EXPORT OF OIL SEEDS FROM THE REPUBLIC
OF SOUTH AFRICA.—AMENDMENT**

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 4 of the Agricultural Produce Export Act, 1971 (Act 51 of 1971), made the regulations set out in the Schedule hereto.

8006—A

PROKLAMASIE

*van die Staatspresident van die Republiek van
Suid-Afrika*

No. R. 84, 1979

**WYSIGING VAN DIE BENAMING VAN DIE
DEPARTEMENT VAN BEPLANNING EN DIE
OMGEWING EN DIE SEKRETARIS VAN
BEPLANNING EN DIE OMGEWING**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 27 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957), soos gewysig, wysig ek hierby, ooreenkomstig die aanbeveling van die Staatsdienskommissie, die Eerste Bylae by genoemde Wet met ingang van 1 Februarie 1979 deur die vervanging van die woorde "Departement van Beplanning en die Omgewing" en die "Sekretaris van Beplanning en die Omgewing" deur die woorde "Departement van Omgewingsbeplanning en Energie" en "Sekretaris van Omgewingsbeplanning en Energie" waar hulle onderskeidelik in kolomme I en II van die Eerste Bylae voorkom.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agt-entwintigste dag van Maart Eenduisend Negehoenderd Nege-en-sewentig.

B. J. VORSTER, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

A. L. SCHLEBUSCH.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS

**DEPARTEMENT VAN LANDBOU-
EKONOMIE EN -BEMARKING**

No. R. 973

4 Mei 1979

**REGULASIES TER REËLING VAN DIE VER-
EISTES IN VERBAND MET DIE UITVOER VAN
OLIESADE UIT DIE REPUBLIEK VAN SUID-
AFRIKA.—WYSIGING**

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 4 van die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1971 (Wet 51 van 1971), die regulasies in die Bylae hiervan uiteengesit, gemaak.

6424—1

SCHEDULE

1. In this Schedule "regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1043 of 30 May 1975 as amended by Government Notices R. 548 of 1 April 1976, R. 1807 of 9 September 1977 and R. 36 of 6 January 1978.

2. Regulation 1 of the regulations is hereby amended by the substitution for the definition for "Chief of Inspection Services" of the following definition:

"Director of Inspection Services" means the Director of the Division of Inspection Services of the Department;

3. Regulation 7 of the regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

"(a) to oil seeds intended for export to the Kingdom of Lesotho, the Kingdom of Swaziland, the Republic of Botswana, the Republic of Transkei, the Republic of Bophuthatswana and the territory of South West Africa;"

4. Regulation 10 of the regulations is hereby amended by the insertion of the following paragraph after paragraph (e):

"(f) Class 'F.A.Q.' Sunflower seed conforming to the requirements for any of the grades of the Classes A, B, C, FGP and FH but not also mixtures of such classes."

5. Regulation 11 of the regulations is hereby amended by:

(a) The substitution for the word "different" in the introductory words of paragraph (1) of the word "following"; and

(b) the substitution for the introductory words of paragraph (3) of the following introductory words:

"The mass of sunflower seeds expressed as kg per hl, shall as the case may be, be as follows:"

DEPARTMENT OF COLOURED, REHOBOTH AND NAMA RELATIONS

No. R. 960

4 May 1979

AMENDMENT OF REGULATIONS IN TERMS OF THE AGED PERSONS ACT, 1967 (ACT 81 OF 1967)

Under section 20 of the Aged Persons Act, 1967 (Act 81 of 1967), read with Proclamation R. 270 of 1971 and Government Notice R. 2616 of 30 December 1977, I, Norman Stewart Middleton, member of the Executive of the Coloured Persons Representative Council entrusted with Community Welfare and Pensions, hereby further amend, with effect from 1 October 1978, the regulations made under the said section and published under Government Notice R. 1809, dated 4 October 1968, as amended, by—

(a) the substitution in regulation 10 (2) (a) for "five hundred and ten rand" of "five hundred and seventy-three rand"; and

(b) the substitution in regulation 10 (2) (b) for "seven hundred and sixty-two rand" of "eight hundred and twenty-five rand".

N. S. MIDDLETON, Designated Member.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1043 van 30 Mei 1975 soos gewysig deur Goewermentskennisgewings R. 548 van 1 April 1976, R. 1807 van 9 September 1977 en R. 36 van 6 Januarie 1978.

2. Regulasie 1 van die regulasies word hierby gewysig deur die woordomskrywing van "Hoof van Inspeksiedienste" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

"Direkteur van Inspeksiedienste" die Direkteur van die Afdeling Inspeksiedienste van die Departement;"

3. Regulasie 7 van die regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) op oliesade wat vir uitvoer bestem is na die Koninkryk van Lesotho, die Koninkryk van Swaziland, die Republiek van Botswana, die Republiek van Transkei, die Republiek van Bophuthatswana en die gebied van Suidwes-Afrika;"

4. Regulasie 10 van die regulasies word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf (e) by te voeg:

"(f) Klas 'F.A.Q.' sonneblomsaad wat voldoen aan die vereistes vir enige van die grade van die Klasse A, B, C, FGP en FH maar nie ook mengsels van sodanige klasse nie."

5. Regulasie 11 van die regulasies word hierby gewysig deur:

(a) Die woord "verskillende" in die inleidende woorde van paragraaf (1) deur die woord "volgende" te vervang; en

(b) die inleidende woorde van paragraaf (3) deur die volgende inleidende woorde te vervang:

"Die massa van sonneblomsaad uitgedruk as kg per hl, moet na gelang van die geval, as volg wees:"

DEPARTEMENT VAN KLEURLING-, REHOBOTH- EN NAMABETREKKINGE

No. R. 960

4 Mei 1979

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE WET OP BEJAARDE PERSONE, 1967 (WET 81 VAN 1967)

Kragtens artikel 20 van die Wet op Bejaarde Persone, 1967 (Wet 81 van 1967), gelees met Proklamasie R. 270 van 1971 en Goewermentskennisgewing R. 2616 van 30 Desember 1977, wysig ek, Norman Stewart Middleton, Lid van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad aangewys vir Gemeenskapswelsyn en Pensioene, hierby, met ingang van 1 Oktober 1978, die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1809 van 4 Oktober 1978, soos gewysig, verder deur—

(a) in regulasie 10 (2) (a) "vyfhonderd-en-tien rand" deur "vyfhonderd drie-en-sewentig rand" te vervang; en

(b) in regulasie 10 (2) (b) "sewehonderd twee-en-sestig rand" deur "agthonderd vyf-en-twintig rand" te vervang.

N. S. MIDDLETON, Aangewese Lid.

No. R. 961

4 May 1979

AMENDMENT OF REGULATIONS IN TERMS OF THE WAR VETERANS' PENSIONS ACT, 1968 (ACT 25 OF 1968)

Under section 15 of the War Veterans' Pensions Act, 1968 (Act 25 of 1968), read with Proclamation R. 272 of 1971 and Government Notice R. 2616 of 30 December 1977, I, Norman Stewart Middleton, member of the Executive of the Coloured Persons Representative Council entrusted with Community Welfare and Pensions, hereby further amend, with effect from 1 October 1978, the regulations made under the said section and published under Government Notice R. 1810, dated 4 October 1968, as amended, by—

(a) the substitution in regulation 10 (2) (a) for "five hundred and ten rand" of "five hundred and seventy-three rand"; and

(b) the substitution in regulation 10 (2) (b) for "seven hundred and sixty-two rand" of "eight hundred and twenty-five rand".

N. S. MIDDLETON, Designated Member.

No. R. 962

4 May 1979

AMENDMENT OF REGULATIONS IN TERMS OF THE BLIND PERSONS ACT, 1968 (ACT 26 OF 1968)

Under section 17 of the Blind Persons Act, 1968 (Act 26 of 1968), read with Proclamation R. 273 of 1971 and Government Notice R. 2616 of 30 December 1977, I, Norman Stewart Middleton, member of the Executive of the Coloured Persons Representative Council entrusted with Community Welfare and Pensions, hereby further amend, with effect from 1 October 1978, the regulations made under the said section and published under Government Notice R. 1811, dated 4 October 1968, as amended, by—

(a) the substitution in regulation 13 (2) (a) for "five hundred and ten rand" of "five hundred and seventy-three rand"; and

(b) the substitution in regulation 13 (2) (b) for "seven hundred and sixty-two rand" of "eight hundred and twenty-five rand".

N. S. MIDDLETON, Designated Member.

No. R. 963

4 May 1979

AMENDMENT OF REGULATIONS IN TERMS OF THE DISABILITY GRANTS ACT, 1968 (ACT 27 OF 1968)

Under section 15 of the Disability Grants Act, 1968 (Act 27 of 1968), read with Proclamation R. 275 of 1971 and Government Notice R. 2616 of 30 December 1977, I, Norman Stewart Middleton, member of the Executive of the Coloured Persons Representative Council entrusted with Community Welfare and Pensions, hereby further amend, with effect from 1 October 1978, the regulations made under the said section and published under Government Notice R. 1812, dated 4 October 1968, as amended, by—

(a) the substitution in regulation 11 (2) (a) for "five hundred and ten rand" of "five hundred and seventy-three rand"; and

No. R. 961

4 Mei 1979

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG Kragtens DIE WET OP OUDSTRYDERS-PENSIOENE, 1968 (WET 25 VAN 1968)

Kragtens artikel 15 van die Wet op Oudstryderspensioene, 1968 (Wet 25 van 1968), gelees met Proklamasie R. 272 van 1971 en Goewermentskennisgewing R. 2616 van 30 Desember 1977, wysig ek, Norman Stewart Middleton, Lid van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad aangewys vir Gemeenskapswelsyn en Pensioene, hierby, met ingang van 1 Oktober 1978, die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1810 van 4 Oktober 1968, soos gewysig, verder deur—

(a) in regulasie 10 (2) (a) "vyfhonderd-en-tien rand" deur "vyfhonderd drie-en-sewentig rand" te vervang; en

(b) in regulasie 10 (2) (b) "sewehonderd twee-en-sestig rand" deur "agthonderd vyf-en-twintig rand" te vervang.

N. S. MIDDLETON, Aangewese Lid.

No. R. 962

4 Mei 1979

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG Kragtens DIE WET OP BLINDES, 1968 (WET 26 VAN 1968)

Kragtens artikel 17 van die Wet op Blindes, 1968 (Wet 26 van 1968), gelees met Proklamasie R. 273 van 1971 en Goewermentskennisgewing R. 2616 van 30 Desember 1977, wysig ek, Norman Stewart Middleton, Lid van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad aangewys vir Gemeenskapswelsyn en Pensioene, hierby, met ingang van 1 Oktober 1978, die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1811 van 4 Oktober 1968, soos gewysig, verder deur—

(a) in regulasie 13 (2) (a) "vyfhonderd-en-tien rand" deur "vyfhonderd drie-en-sewentig rand" te vervang; en

(b) in regulasie 13 (2) (b) "sewehonderd twee-en-sestig rand" deur "agthonderd vyf-en-twintig rand" te vervang.

N. S. MIDDLETON, Aangewese Lid.

No. R. 963

4 Mei 1979

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG Kragtens DIE WET OP ONGESKIKTHEIDSTOELAES, 1968 (WET 27 VAN 1968)

Kragtens artikel 15 van die Wet op Ongeskiktheidstoelaes, 1968 (Wet 27 van 1968), gelees met Proklamasie R. 275 van 1971 en Goewermentskennisgewing R. 2616 van 30 Desember 1977, wysig ek, Norman Stewart Middleton, Lid van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad aangewys vir Gemeenskapswelsyn en Pensioene, hierby, met ingang van 1 Oktober 1978, die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel en afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1812 van 4 Oktober 1968, soos gewysig, verder deur—

(a) in regulasie 11 (2) (a) "vyfhonderd-en-tien rand" deur "vyfhonderd drie-en-sewentig rand" te vervang; en

(b) the substitution in regulation 11 (2) (b) for "seven hundred and sixty-two rand" of "eight hundred and twenty-five rand".

N. S. MIDDLETON, Designated Member.

No. R. 964

4 May 1979

AMENDMENT OF REGULATIONS IN TERMS OF THE CHILDREN'S ACT, 1960 (ACT 33 OF 1960)

Under section 92 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), read with Proclamation R. 303 of 1972 and Government Notice R. 2616 of 30 December 1977, I, Norman Stewart Middleton, Member of the Executive of the Coloured Persons Representative Council entrusted with Community Welfare and Pensions, hereby further amend, with effect from 1 October 1978, the regulations made under the said section and published under Government Notice R. 236, dated 21 February 1964, as amended by—

(a) the substitution for the expression "six", where it appears in regulation 13 (2) (b) and (f), of the expression "three";

(b) the substitution in regulation 19 (1) (a) for "R42,50" of "R47,75";

(c) the substitution in regulation 19 (1) (b) for "R762" of "R825";

(d) the substitution in regulation 19 (2) (a) (i) for "R8,15" of "R9,40";

(e) the substitution in regulation 19 (2) (a) (ii) for "R7,15" of "R8,40";

(f) the substitution in regulation 19 (2) (b) for "R367,20" of "R427,20"; and

(g) the substitution in regulation 19 (2) (c) for "R109,80" of "R124,80" and "R97,80" of "R112,80".

N. S. MIDDLETON, Designated Member.

No. R. 965

4 May 1979

AMENDMENT OF REGULATIONS IN TERMS OF THE CHILDREN'S ACT, 1960 (ACT 33 OF 1960)

Under section 92 of the Children's Act, 1960 (Act 33 of 1960), read with Proclamation 303 of 1972 and Government Notice R. 2616 of 30 December 1977, I, Norman Stewart Middleton, Member of the Executive of the Coloured Persons Representative Council entrusted with Community Welfare and Pensions, hereby further amend, with effect from 1 July 1978, the regulations made under the said section and published under Government Notice R. 236, dated 21 February 1964, as amended, by—

(a) the substitution for regulation 34 of the following:

"34. The rate of foster parent grants which may be paid is, subject to the provisions of these regulations, R42,60 per foster child per month.";

(b) the substitution in regulation 40 (a) for "R1,10" of "R1,40";

(c) the substitution for regulation 46 (a) and (b) of the following:

"46 (a) The rate of children's home grants which may be paid is, subject to the provisions of these regulations, equal to the unit cost of the children's home concerned, as determined by the Secretary: Provided it shall not exceed the amount of R71 per child per month."; and

(b) in regulasie 11 (2) (b) "sewehonderd twee-en-sestig rand" deur "agthonderd vyf-en-twintig rand" te vervang.

N. S. MIDDLETON, Aangewese Lid.

No. R. 964

4 Mei 1979

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE KINDERWET, 1960 (WET 33 VAN 1960)

Kragtens artikel 92 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), gelees met Proklamasie R. 303 van 1972 en Goewermmentskennisgewing R. 2616 van 30 Desember 1977, wysig ek, Norman Stewart Middleton, Lid van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad aangewys vir Gemeenskapswelsyn en Pensioene, hierby, met ingang van 1 Oktober 1978, die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel en afgekondig by Goewermmentskennisgewing R. 236 van 21 Februarie 1964, soos gewysig, verder deur—

(a) die uitdrukking "ses", waar dit in regulasies 13 (2) (b) en (f) voorkom, deur die uitdrukking "drie" te vervang;

(b) in regulasie 19 (1) (a) "R42,50" deur "R47,75" te vervang;

(c) in regulasie 19 (1) (b) "R762" deur "R825" te vervang;

(d) in regulasie 19 (2) (a) (i) "R8,15" deur "R9,40" te vervang;

(e) in regulasie 19 (2) (a) (ii) "R7,15" deur "R8,40" te vervang;

(f) in regulasie 19 (2) (b) "R367,20" deur "R427,20" te vervang; en

(g) in regulasie 19 (2) (c) "R109,80" deur "R124,80" en "R97,80" deur "R112,80" te vervang.

N. S. MIDDLETON, Aangewese Lid.

No. R. 965

4 Mei 1979

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE KINDERWET, 1960 (WET 33 VAN 1960)

Kragtens artikel 92 van die Kinderwet, 1960 (Wet 33 van 1960), gelees met Proklamasie 303 van 1972 en Goewermmentskennisgewing R. 2616 van 30 Desember 1977, wysig ek, Norman Stewart Middleton, Lid van die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Kleurlingraad aangewys vir Gemeenskapswelsyn en Pensioene, hierby, met ingang van 1 Julie 1978, die regulasies uitgevaardig kragtens genoemde artikel en afgekondig by Goewermmentskennisgewing R. 236 van 21 Februarie 1964, soos gewysig, verder deur—

(a) regulasie 34 deur die volgende te vervang:

"34. Die skaal van pleegouertoelaes wat betaal kan word, is, behoudens die bepalings van hierdie regulasies, R42,60 per pleegkind per maand.";

(b) in regulasie 40 (a) "R1,10" deur "R1,40" te vervang;

(c) regulasie 46 (a) en (b) deur die volgende te vervang:

"46 (a) Die skaal van kinderhuistoelaes wat betaal kan word, is, behoudens die bepalings van hierdie regulasies, gelykstaande met die eenheidskoste van die betrokke kindershuis soos bepaal deur die Sekretaris: Met dien verstande dat dit nie die bedrag van R71 per kind per maand oorskry nie."; en

(d) the renumbering of the existing regulation 46 (c) to read 46 (b).

N. S. MIDDLETON, Designated Member.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 925 4 May 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/620)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

(d) die bestaande regulasie 46 (c) te hernoem sodat dit 46 (b) lui.

N. S. MIDDLETON, Aangewese Lid.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 925 4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/620)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
38.17 By the insertion after subheading No. 38.17.20 of the following: "38.17.30 Preparations in liquid form, containing fluorine compounds"	kg	25%		

Note.—Specific provision is made for preparations for fire-extinguishers, in liquid form, containing fluorine compounds, and the rate of duty thereon is increased from free to 25%.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
38.17 Deur na subpos No. 38.17.20 die volgende in te voeg: „38.17.30 Preparate in vloeibare vorm, wat fluoorverbindings bevat	kg	25%		

Opmerking.—Spesifieke voorsiening word gemaak vir preparate vir brandblussers, in vloeibare vorm, wat fluoorverbindings bevat, en die skaal van reg daarop word van vry na 25% verhoog.

No. R. 926 4 May 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/621)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 926 4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/621)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
40.12 By the substitution for subheading No. 40.12.10 of the following: "40.12.10 Sheath contraceptives"	no.	25% or 4c each less 75%		

Note.—The rate of duty on sheath contraceptives of unhardened vulcanised rubber is amended from 50% or 125c per 100 (General) and 25% or 100c per 100 (M.F.N.) to 25% or 4c each less 75% (General).

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
40.12 Deur subpos No. 40.12.10 deur die volgende te vervang: „40.12.10 Skedevoorbehoedmiddels	getal	25% of 4c elk min 75%”		

Opmerking.—Die skaal van reg op skedevoorbehoedmiddels van onverharde gevulkaniseerde rubber word van 50% of 125c per 100 (Algemeen) en 25% of 100c per 100 (M.B.N.) na 25% of 4c elk min 75% (Algemeen) gewysig.

No. R. 928

4 May 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/623)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 928

4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/623)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
59.08 By the substitution for subheading No. 59.08.70 of the following: “59.08.70 Other textile fabrics impregnated, coated, covered or laminated with polyurethane	kg	30%”		

Note.—The rate of duty on certain textile fabrics impregnated, coated, covered or laminated with polyurethane is amended from 50% (General) and 30% (M.F.N.) to 30% (General).

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
59.08 Deur subpos No. 59.08.70 deur die volgende te vervang: „59.08.70 Ander tekstielstowwe geïmpregneer, bestryk, bedek of gelamelleer met poliuretaan	kg	30%”		

Opmerking.—Die skaal van reg op sekere tekstielstowwe geïmpregneer, bestryk, bedek of gelamelleer met poliuretaan word van 50% (Algemeen) en 30% (M.B.N.) na 30% (Algemeen) gewysig.

No. R. 927

4 May 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/622)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 927

4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/622)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	Rate of Duty		
		III General	IV M.F.N.	V Preferential
44.05 By the substitution for subheading No. 44.05.90 of the following: "44.05.20 Of the <i>Eucalyptus</i> species	m ³	2%		free (U.K.; Canada)
44.05.30 Meranti	m ³	2%		free (U.K.; Canada)
44.05.40 Embuia	m ³	2%		free (U.K.; Canada)
44.05.50 Philippine mahogany	m ³	2%		free (U.K.; Canada)
44.05.60 Iroko	m ³	2%		free (U.K.; Canada)
44.05.70 Kiaat	m ³	2%		free (U.K.; Canada)
44.05.80 Sapele	m ³	2%		free (U.K.; Canada)
44.05.90 Other	m ³	2%		free (U.K.; Canada)"

Note.—Specific provisions, for statistical purposes, are made for certain wood.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	Skaal van Reg		
		III Algemeen	IV M.B.N.	V Voorkeur
44.05 Deur subpos No. 44.05.90 deur die volgende te vervang: „44.05.20 Van die <i>Eucalyptus</i> -soort	m ³	2%		vry (V.K.; Kanada)
44.05.30 Meranti	m ³	2%		vry (V.K.; Kanada)
44.05.40 Embuia	m ³	2%		vry (V.K.; Kanada)
44.05.50 Filippynse mahonie	m ³	2%		vry (V.K.; Kanada)
44.05.60 Iroko	m ³	2%		vry (V.K.; Kanada)
44.05.70 Kiaat	m ³	2%		vry (V.K.; Kanada)
44.05.80 Sapele	m ³	2%		vry (V.K.; Kanada)
44.05.90 Ander	m ³	2%		vry (V.K.; Kanada)"

Opmerking.—Spesifieke voorsienings, vir statistiese doeleindes, word gemaak vir sekere hout.

No. R. 929

4 May 1979.

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/624)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 929

4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/624)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	Rate of Duty		
		III General	IV M.F.N.	V Preferential
73.40 By the substitution for subheading No. 73.40.10 of the following: "73.40.10 Split links, shackles, hooks, thimbles and similar fittings, commonly used with wire rope or with chains with welded links: .10 Shackles and wire rope clamps .90 Other	kg kg	20% free ^a		

Note.—Specific provision is made for shackles and wire rope clamps, of iron or steel, and the rate of duty thereon is increased from free to 20%.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	Skaal van Reg		
		III Algemeen	IV M.B.N.	V Voorkeur
73.40 Deur subpos No. 73.40.10 deur die volgende te vervang: „73.40.10 Splitoë, harpe, hake, oogringe en dergelike toebehore, gewoonlik met staaltou of met kettings met gesweiste skakels gebruik: .10 Harpe en staaltouklampe .90 Ander	kg kg	20% vry ^a		

Opmerking.—Spesifieke voorsiening word gemaak vir harpe en staaltouklampe, van yster of staal, en die skaal van reg daarop word van vry na 20% verhoog.

No. R. 930 4 May 1979
CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/625)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 930 4 Mei 1979
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/625)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	Rate of Duty		
		III General	IV M.F.N.	V Preferential
85.20 By the substitution for subheadings Nos. 85.20.30.05, 85.20.30.15 and 85.20.30.25 of the following: “.05 Mercury vapour lamps (including those fitted with incandescent filaments), whether or not of the fluorescent type, of 80 W or more but not exceeding 200 W	no.	15% or 400c each less 85%		10% or 400c each less 90% (U.K.)
.15 Mercury vapour lamps (including those fitted with incandescent filaments), whether or not of the fluorescent type, of more than 200 W but not exceeding 500 W	no.	15% or 825c each less 85%		10% or 825c each less 90% (U.K.)
.25 Fluorescent lamps (excluding mercury vapour lamps), the following: with a nominal current consumption of 1 500 mA; cold cathode type, with a length of 1 750 mm or more and with a diameter not exceeding 25,4 mm; non-linear type	no.	15%		10% (U.K.)”

Note.—Subheadings Nos. 85.20.30.05, 85.20.30.15 and 85.20.30.25 are restated.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
85.20 Deur subposte Nos. 85.20.30.05, 85.20.30.15 en 85.20.30.25 deur die volgende te vervang:				
„.05 Kwikdamlampe (met inbegrip van dié met gloeidrade toegerus), hetsy van die fluoessertipe al dan nie, van minstens 80 W maar hoogstens 200 W	getal	15% of 400c elk min 85%		10% of 400c elk min 90% (V.K.)
.15 Kwikdamlampe (met inbegrip van dié met gloeidrade toegerus), hetsy van die fluoessertipe al dan nie, van meer as 200 W maar hoogstens 500 W	getal	15% of 825c elk min 85%		10% of 825c elk min 90% (V.K.)
.25 Fluoresseerlampe (uitgesonderd kwikdamlampe), die volgende: met 'n nominale stroomverbruik van 1 500 mA; kouekatodetipe, met 'n lengte van minstens 1 750 mm en met 'n deursnee van hoogstens 25,4 mm; nie-lineêre tipe	getal	15%		10% (V.K.)

Opmerking.—Subposte Nos. 85.20.30.05, 85.20.30.15 en 85.20.30.25 word herskryf.

No. R. 931

4 May 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/4/26)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 4 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 931

4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/4/26)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 4 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aange-
toon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Surcharge Item	II Tariff Heading and Description	III Rate of Surcharge
169.00	By the substitution for tariff heading No. 44.00 of the following: “44.00 Wood and articles of wood; wood charcoal (excluding goods of headings or subheadings Nos. 44.03.10.90, 44.03.20, 44.03.30.90, 44.03.40, 44.03.50.90, 44.03.60, 44.03.80.90, 44.03.90, 44.04.10.90, 44.04.90, 44.05.10.90, 44.05.20, 44.05.30, 44.05.40, 44.05.50, 44.05.60, 44.05.70, 44.05.80, 44.05.90, 44.07, 44.12, 44.13.10.10, 44.13.10.20, 44.13.20.10, 44.13.20.20, 44.15.10, 44.15.15, 44.15.20.10, 44.22.20.20, 44.23.30, 44.23.50, 44.26.10, 44.27.40 and 44.28.35)	7,5%”

Note.—This amendment is consequential to the amendment of tariff heading No. 44.05 in Part 1 of Schedule No. 1.

BYLAE

I Bobelastingitem	II Tariefpos en Beskrywing	III Skaal van Bobelasting
169.00	Deur tariefpos No. 44.00 deur die volgende te vervang: „44.00 Hout en artikels van hout; houtskool (uitgesonderd goedere van poste of subposte Nos. 44.03.10.90, 44.03.20, 44.03.30.90, 44.03.40, 44.03.50.90, 44.03.60, 44.03.80.90, 44.03.90, 44.04.10.90, 44.04.90, 44.05.10.90, 44.05.20, 44.05.30, 44.05.40, 44.05.50, 44.05.60, 44.05.70, 44.05.80, 44.05.90, 44.07, 44.12, 44.13.10.10, 44.13.10.20, 44.13.20.10, 44.13.20.20, 44.15.10, 44.15.15, 44.15.20.10, 44.22.20.20, 44.23.30, 44.23.50, 44.26.10, 44.27.40 en 44.28.35)	7,5%”

Opmerking.—Hierdie wysiging spruit voort uit die wysiging van tariefpos No. 44.05 in Deel 1 van Bylae No. 1.

No. R. 932

4 May 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/590)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 932

4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/590)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
306.10	By the insertion after tariff heading No. 11.08 of the following: "15.07 Rape seed oil and colza oil, for the manufacture of emulsifiers 15.08 Oxidised soya bean oil and polymerised castor oil, for the manufacture of emulsifiers 15.10 Stearic acid, for the manufacture of emulsifiers 15.11 Glycerol, for the manufacture of emulsifiers By the substitution for tariff heading No. 29.04 of the following: "29.04 (1) Isodecanol, for the manufacture of stabilisers (2) Sorbitol, for the manufacture of emulsifiers (3) Propylene glycol, for the manufacture of emulsifiers By the insertion after paragraph (4) of tariff heading No. 29.14 of the following: "(5) Acetic anhydride, for the manufacture of emulsifiers By the insertion after tariff heading No. 29.14 of the following: "29.16 Tartaric acid, for the manufacture of emulsifiers By the insertion after paragraph (3) of tariff heading No. 38.19 of the following: "(4) Distilled monoglyceride, for the manufacture of emulsifiers	Full duty Full duty Full duty Full duty" Full duty Full duty Full duty" Full duty" Full duty" Full duty"

Note.—Provision is made for a rebate of the full duty on—

- rape seed oil and colza oil,
- oxidised soya bean oil and polymerised castor oil,
- stearic acid,
- glycerol,
- sorbitol,
- propylene glycol,
- acetic anhydride,
- tartaric acid, and
- distilled monoglyceride,

for the manufacture of emulsifiers.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
306.10	Deur na tariefpos No. 11.08 die volgende in te voeg: „15.07 Raapsaadolie en koolsaadolie, vir die vervaardiging van emulgeermiddels 15.08 Geoksideerde sojaboonolie en gepolimeriseerde kasterolie, vir die vervaardiging van emulgeermiddels 15.10 Steariensuur, vir die vervaardiging van emulgeermiddels 15.11 Gliserol, vir die vervaardiging van emulgeermiddels Deur tariefpos No. 29.04 deur die volgende te vervang: „29.04 (1) Isodekanol, vir die vervaardiging van stabiliseerders (2) Sorbitol, vir die vervaardiging van emulgeermiddels (3) Propileenglikol, vir die vervaardiging van emulgeermiddels Deur na paragraaf (4) van tariefpos No. 29.14 die volgende in te voeg: „(5) Asynsuuranhidried, vir die vervaardiging van emulgeermiddels Deur na tariefpos No. 29.14 die volgende in te voeg: „29.16 Wynsteensuur, vir die vervaardiging van emulgeermiddels Deur na paragraaf (3) van tariefpos No. 38.19 die volgende in te voeg: „(4) Gedistilleerde monogliseried, vir die vervaardiging van emulgeermiddels	Volle reg Volle reg Volle reg Volle reg" Volle reg Volle reg Volle reg" Volle reg" Volle reg" Volle reg"

Opmerking.—Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op—

- raapsaadolie en koolsaadolie,
- geoksideerde sojaboonolie en gepolimeriseerde kasterolie,
- steariensuur,
- gliserol,
- sorbitol,
- propileenglikol,
- asynsuuranhidried,
- wynsteensuur, en
- gedistilleerde monogliseried,

vir die vervaardiging van emulgeermiddels.

No. R. 933

4 May 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/591)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 933

4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/591)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
312.01	By the substitution for paragraph (2) of tariff heading No. 59.08 of the following: “(2) Coated or covered with artificial plastic material (excluding vinyl chloride polymers or copolymers and polyurethane), for use as upper material, for covering heels or platforms or for the manufacture of uppers or inner soles	Full duty”

Note.—The provision for a rebate of duty on textile fabrics coated or covered with polyurethane, for use as upper material, for covering heels or platforms or for the manufacture of uppers or inner soles, is withdrawn.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
312.01	Deur paragraaf (2) van tariefpos No. 59.08 deur die volgende te vervang: „(2) Met kunsplastiekstof (uitgesonderd vinielchloriedpolimere of -kopolimere en poliuretaan) bestryk of bedek, vir gebruik as bodeelmateriaal, vir die oortrek van hakke of platforms of vir die vervaardiging van bodele of binnesole	Volle reg”

Opmerking.—Die voorsiening vir 'n korting op reg op tekstielstowwe met poliuretaan bestryk of bedek, vir gebruik as bodeelmateriaal, vir die oortrek van hakke of platforms of vir die vervaardiging van bodele of binnesole, word ingetrek.

No. R. 934

4 May 1979

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 3 (No. 3/592)

Under section 75 of the Customs and Excise Act, 1964, Schedule 3 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

O. P. F. HORWOOD, Minister of Finance.

No. R. 934

4 Mei 1979

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 3 (No. 3/592)

Kragtens artikel 75 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae 3 by genoemde Wet hierby gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

O. P. F. HORWOOD, Minister van Finansies.

SCHEDULE

I Item	II Tariff Heading and Description	III Extent of Rebate
312.01	By the substitution for tariff heading No. 40.08 of the following: “40.08 Welting and randing, of rubber	Full duty”
312.04	By the insertion after item 312.03 of the following: “312.04 Industry: Artificial flowers, foliage or fruit and parts thereof 51.04 Woven fabrics of man-made fibres (continuous)	Full duty”

Notes.—1. The provision for a rebate of duty on plates, sheets and strip of foam rubber, for the manufacture of footwear, is withdrawn.

2. Provision is made for a rebate of the full duty on woven fabrics of man-made fibres (continuous), for the manufacture of artificial flowers, foliage or fruit and parts thereof.

BYLAE

I Item	II Tariefpos en Beskrywing	III Mate van Korting
312.01	Deur tariefpos No. 40.08 deur die volgende te vervang:	
	„40.08 Soolrand- en kantstroke, van rubber	Volle reg"
312.04	Deur na item 312.03 die volgende in te voeg:	
	„312.04 Nywerheid: Kunsblomme, -loof of -vrugte en onderdele daarvan	
	51.04 Weefstowwe van gefabriseerde vesels (kontinu)	Volle reg"

Opmerkings.—1. Die voorsiening vir 'n korting op reg op plate, velle en reep van skuimrubber, vir die vervaardiging van skoeisel, word ingetrek.

2. Voorsiening word gemaak vir 'n volle korting op reg op weefstowwe van gefabriseerde vesels (kontinu), vir die vervaardiging van kunsblomme, -loof of -vrugte en onderdele daarvan.

DEPARTMENT OF HEALTH

No. R. 954

4 May 1979

MEDICAL SCHEMES ACT, 1967

In terms of section 30 (3) of the Medical Schemes Act, 1967 (Act 72 of 1967), as amended, I, Joseph Petrus Hermanus Steyn, Registrar of Medical Schemes, hereby publish the tariff of fees referred to in section 1 (1) of the said Act, as follows:

TARIFF OF FEES IN RESPECT OF PRIVATE HOSPITALS

1. The tariff set out in Annexure A hereto shall apply in respect of private hospitals with no more than 70 registered beds for Whites.

2. The tariff set out in Annexure B hereto shall apply in respect of private hospitals with more than 70 registered beds for Whites.

3. The tariff set out in Annexure C hereto shall apply in respect of both categories of such hospitals.

4. The tariff shall include general sales tax except on items in relation to medicines, drugs and dressings.

5. A committee of five members shall be established, and shall consist of three members nominated by the Representative Association of Medical Schemes and two members nominated by the Representative Association of Private Hospitals, to consider any applications from private hospitals having no fewer than 61 registered beds for Whites to be regarded for the purposes of the tariff in Annexure B as if they were hospitals with more than 70 such beds. The procedure for hearing such applications shall be laid down by the said committee and the decision of the said committee shall be final.

6. The tariff shall come into effect on the first day of the month following publication hereof.

ANNEXURE A

Ward fees

Hospitals shall indicate the exact times of admission and discharge on all accounts.

Ward fees shall be charged at the full daily rate if admission takes place before 12h00 and at half the daily rate if admission takes place after 12h00. Ward fees shall be charged at half the daily rate if discharge takes place before 12h00 and at the full daily rate if discharge takes place after 12h00. Provided that the minimum amount charged shall be equal to the tariff for one full day.

General ward

	R
57001 Surgical cases, per day.....	19,00
57002 Thoracic cases (surgical), per day.....	20,00
57003 Neurosurgical cases, per day.....	20,00
57004 Medical and neurological cases, per day.....	20,00

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 954

4 Mei 1979

WET OP MEDIESE SKEMAS, 1967

Kragtens artikel 30 (3) van die Wet op Mediese Skemas, 1967 (Wet 72 van 1967), soos gewysig, kondig ek, Joseph Petrus Hermanus Steyn, Registrateur van Mediese Skemas, hierby die geldetarief in artikel 1 (1) van genoemde Wet bedoel, soos volg af:

GELDETARIEF TEN OPSIGTE VAN PRIVATE HOSPITALE

1. Die tarief wat in Bylae A hiervan uiteengesit is, geld ten opsigte van private hospitale vir Blankes met hoogstens 70 geregistreerde beddens.

2. Die tarief wat in Bylae B hiervan uiteengesit is, geld ten opsigte van private hospitale vir Blankes met meer as 70 geregistreerde beddens.

3. Die tarief wat in Bylae C hiervan uiteengesit is, geld vir beide sodanige kategorieë hospitale.

4. Die tarief sluit algemene verkoopbelasting in, behalwe op items met betrekking tot medisyne, verdowingsmiddels en verbandgoed.

5. 'n Komitee van vyf lede, van wie die Verteenwoordigende Vereniging van Mediese Skemas drie benoem en die Verteenwoordigende Vereniging van Private Hospitale twee benoem, word saamgestel om aansoeke van private hospitale met minstens 61 geregistreerde beddens vir Blankes, om by die toepassing van die tarief in Bylae B geag te word hospitale te wees wat meer as 70 sodanige beddens het, te oorweeg. Bedoelde komitee bepaal die prosedure wat by die aanhoor van sodanige aansoeke gevolg moet word, en die beslissing van bedoelde komitee is afdoende.

6. Die tarief tree in werking op die eerste dag van die maand wat volg op publikasie hiervan.

BYLAE A

Saalgelde

Hospitale moet die presiese tyd van toelating en ontslag op alle rekenings aandui.

Saalgelde word gehef teen die volle daaglikse tarief indien toelating vóór 12h00 geskied en teen die helfte van die daaglikse tarief indien toelating ná 12h00 geskied. Saalgelde word gehef teen die helfte van die daaglikse tarief indien ontslag voor 12h00 geskied en teen die volle daaglikse tarief indien ontslag ná 12h00 geskied. Met dien verstande dat die minimum bedrag wat gevra word, gelyk is aan die tarief vir een volle dag.

Algemene saal

	R
57001 Chirurgiese gevalle, per dag.....	19,00
57002 Toraks-chirurgiese gevalle, per dag.....	20,00
57003 Neurochirurgiese gevalle, per dag.....	20,00
57004 Mediese en neurologiese gevalle, per dag.....	20,00

57020 *Private ward*

If accommodation in a private ward has been prescribed by a medical practitioner for medical reasons, fees for such accommodation shall be charged at the prevailing private ward rate, which shall in no case exceed R30,00 per day, less a discount of 10%. Provided that the relevant scheme has guaranteed payment for accommodation in a private ward.

Hospitals shall obtain a detailed certificate as to the necessity for accommodation in a private ward from the attendant practitioner and such certificate shall be forwarded to the relevant scheme together with the account.

57021 *Private ward at request of member*

Where a scheme undertakes to guarantee payment for accommodation in a private ward, supplied at the specific request of the member, the scheme shall be entitled to a 10% discount on the prevailing private ward rate.

57045 *Drugs (ward)*

Drugs supplied by the ward as per Standard Drug and Materials Tariff (Annexure C)

Fixed fee procedures

R

57051	Air encephalograms.....	21,00
57052	Hysterosalpingograms.....	21,00
57053	Angiograms.....	21,00
57054	Cardiac catheterisation.....	21,00
57055	Electroconvulsive therapy (E.C.T.).....	5,00

*Theatre fees**Out-patients (patients that are not warded)*57071 *Time in theatre:*

The exact time of admission to and discharge from theatre shall be stated. T

The theatre charge shall be calculated as follows:

1-15 minutes.....	13,00
each subsequent 15 minutes or part thereof.....	6,50

*In-patients**Operations—general*57081 *Time:*

The exact time of admission to and discharge from theatre shall be stated. T

The theatre charge shall be calculated as follows: R

1-15 minutes.....	33,50
16-30 minutes.....	39,00
31-45 minutes.....	44,50
46-60 minutes.....	50,00
each subsequent 15 minutes or part thereof.....	12,50

Operations—neurosurgery

57091	Preparation fee per operation (only chargeable where the duration of the operation exceeds 60 minutes).....	49,00
-------	---	-------

57092 *Time:*

The exact time of admission to and discharge from theatre, and the exact operating time, shall be stated. T

The theatre charge shall be calculated as follows: R

1-60 minutes.....	52,00
each subsequent 15 minutes of part thereof.....	12,50

*Operations—thoracic surgery*57101 *Time:*

The exact time of admission to and discharge from theatre shall be stated. T

The theatre charge shall be calculated as follows: R

1-30 minutes.....	39,00
31-60 minutes.....	52,00
each subsequent 15 minutes or part thereof.....	12,50

Operations—open heart

57121	Open heart surgery—rates by arrangement
-------	---

Drugs and materials—theatre

57131	Theatre drugs—as per Standard Drug and Materials Tariff (Annexure C)
-------	--

57020 *Privaatsaal*

Indien 'n geneesheer verblyf in 'n privaatsaal om mediese redes voorskryf, word gelde vir sodanige verblyf gehef teen die heersende privaatsaaltarief, wat in geen geval R30,00 per dag mag oorskry nie, min 10 persent korting. Met dien verstande dat die betrokke skema die betaling vir verblyf in 'n privaatsaal gewaarborg het.

Hospitale moet 'n gedetailleerde sertifikaat aangaande die noodsaaklikheid vir privaatsaalverblyf van dié behandelende dokter verkry en sodanige sertifikaat saam met die rekening aan die betrokke skema stuur.

57021 *Privaatsaal op lid se versoek*

Waar 'n skema onderneem om betaling vir privaatsaalverblyf wat op die uitdruklike versoek van die lid verskaf word, te waarborg, is die skema geregtig op 'n 10 persent korting op die heersende privaatsaaltarief.

57045 *Verdowingsmiddels (saal)*

Verdowingsmiddels deur die saal verskaf—per Standaardtarief vir Verdowingsmiddels en Materiaal (Bylae C).

Gelde vir vaste prosedures

R

57051	Lugenkefalogramme.....	21,00
57052	Histerosalpingogramme.....	21,00
57053	Angiogramme.....	21,00
57054	Hartkateterisasies.....	21,00
57055	Elektrokonvulsiewe terapie (E.K.T.).....	5,00

Teatergelde

Buitepasiënte (pasiënte wat nie in 'n saal opgeneem word nie).

57071 *Tyd in teater:*

Die presiese tyd van toelating tot en ontslag uit teater moet aangetoon word. T

Die teatergelde word soos volg bereken:

1-15 minute.....	13,00
elke daaropvolgende 15 minute of deel daarvan.....	6,50

*Binnepasiënte**Operasies—algemeen*57081 *Tyd:*

Die presiese tyd van toelating tot en ontslag uit teater moet aangetoon word. T

Die teatergelde word soos volg bereken: R

1-15 minute.....	33,50
16-30 minute.....	39,00
31-45 minute.....	44,50
46-60 minute.....	50,00
elke daaropvolgende 15 minute of deel daarvan.....	12,50

Operasies—neurochirurgie

57091	Voorbereidingsgelde per operasie (slegs van toepassing wanneer die duur van die operasie 60 minute oorskry).....	49,00
-------	--	-------

57092 *Tyd:*

Die presiese tyd van toelating tot en ontslag uit teater sowel as die presiese tydskuur van die operasie moet aangetoon word. T

Die teatergelde word soos volg bereken: R

1-60 minute.....	52,00
elke daaropvolgende 15 minute of deel daarvan.....	12,50

*Operasies—toraks-chirurgie*57101 *Tyd:*

Die presiese tyd van toelating tot en ontslag uit teater moet aangetoon word. T

Die teatergelde word soos volg bereken: R

1-30 minute.....	39,00
31-60 minute.....	52,00
elke daaropvolgende 15 minute of deel daarvan.....	12,50

Operasies—opehart

57121	Opehartchirurgie—tarief volgens ooreenkoms.
-------	---

Verdowingsmiddels en materiaal—teater

57131	Verdowingsmiddels deur die teater verskaf—per Standaardtarief vir Verdowingsmiddels en Materiaal (Bylae C).
-------	---

<i>Additional items</i>		<i>Addisionele items</i>	
	R		R
57151 Fulguration, diathermy, cautery—first hour.....	2,00	57151 Fulgurasië, diatermie, branding—eerste uur.....	2,00
each additional hour or part thereof.....	1,00	elke addisionele uur of deel daarvan.....	1,00
57152 Recovery room, per operation.....	3,00	57152 Herstelkamer—per operasie.....	3,00
57153 After hours: per case, for cases admitted to theatre from 19h00 to 07h00 on weekdays, from 13h00 on Saturdays to 07h00 on Mondays and on public holidays.....	10,00	57153 Na-urê: per geval, vir gevalle tot teater toegelaat tussen 19h00 en 07h00 op weekdae, tussen 13h00 op Saterdag en 07h00 op Maandae en op openbare vakansiedae.....	10,00
57181 <i>Non-chargeable theatre items</i>		57181 <i>Gratis teateritems</i>	
White methylated spirits		Wit brandspiritus.	
Aqueous solutions, e.g. Cetavlon, Savlon or any other proprietary name		Wateragtige oplossings, byvoorbeeld Cetavlon, Savlon of enige ander handelsnaam.	
Binioidide		Bijodid.	
Dettol		Dettol.	
Mercuric oxycyanide		Merkurioksisianied.	
Instrument Dettol		Instrument-Dettol	
Formalin and saline		Formalien en soutoplossing	
Acetone		Asetoon	
Gill soap		Gill-seep	
Liquid soap		Vloeibare seep	
Use of surgical instruments and blades		Gebruik van chirurgiese instrumente en lemmetjies	
Use of laparoscope, gastroscope and microscope		Gebruik van laparoskoop, gastrokoop en mikroskoop	
E.C.G.s and paper		E.K.G.'s en E.K.G.-papier	
Disposable cautery/diathermy leads and pads		Wegdoenbare branding-/diatermie- geleidrade en -kussinkies	
Vacuum trays		Vakuumblaaie	
Operative trays (for anaesthetist)		Blaaie vir operasies (narkotiseurs)	
Linen savers		Linnebesparingsdekkings	
Preptic swabs		Preptic-deppers	
57182 <i>Non-chargeable items (in ward and in theatre)</i>		57182 <i>Gratis items (in saal en teater)</i>	
I.D. bands		Identifikasiestroke	
Disposable gloves		Wegdoenbare handskoene	
Face masks		Gesigmaskers	
Collection charges (Blood Bank)		Afhaalkoste (Bloedbank)	
Labstix/Multistix		Labstix/Multistix	
<i>Intensive care units</i>		<i>Intensiewe-sorgeenhede</i>	
57201 I.C.U.: per day.....	45,00	57201 I.S.E.: per dag.....	45,00
inclusive of all equipment except:		alle toerusting ingesluit behalwe:	
57202 Angstrom or Bennett M.A.1.B. respirator, per day or part thereof, plus the charge for oxygen.....	30,00	57202 Angstrom- of Bennett M.A.1.B.-respirator, per dag of deel daarvan, plus die koste van suurstof	30,00
All admissions to this unit shall be confirmed for each 72 hours.		Iedere toelating tot sodanige eenheid moet bevestig word vir elke 72 uur.	
Hospitals shall obtain a certificate as to the necessity for intensive care from the attendant practitioner and such certificate shall be forwarded to the relevant scheme together with the account.		Hospitale moet 'n sertifikaat aangaande die noodsaaklikheid van intensiewe sorg van die behandelende dokter verkry en sodanige sertifikaat saam met die rekening aan die betrokke skema stuur.	
N.B. No charge for special nursing may be made while a patient is accommodated in an intensive care unit.		L.W.—Geen gelde ten opsigte van spesiale verpleging mag gehê word tydens verblyf in 'n intensiewe-sorgeenheid nie.	
57203 Consumable materials—as per Standard Drug and Materials Tariff (Annexure C)		57203 Verbruikbare materiaal—per Standaardtarief vir Verdoeringsmiddels en Materiaal (Bylae C)	
57215 Post-operative high care ward: per day.....	30,00	57215 Na-operatiewe hoëorgsaal: per dag.....	30,00
All admissions to this unit shall be confirmed for each 72 hours. Hospitals shall obtain a certificate as to the necessity for high care from the attendant practitioner and such certificate shall be forwarded to the relevant scheme together with the account.		Iedere toelating tot sodanige eenheid moet bevestig word vir elke 72 uur. Hospitale moet 'n sertifikaat aangaande die noodsaaklikheid van hoë sorg van die behandelende dokter verkry en sodanige sertifikaat saam met die rekening aan die betrokke skema stuur.	
N.B. No charge for special nursing may be made while a patient is accommodated in a high care ward.		L.W.—Geen gelde ten opsigte van spesiale verpleging mag gehê word tydens verblyf in 'n hoëorgsaal nie.	
<i>Standard charges for equipment</i>		<i>Standaardheffings vir toerusting</i>	
57231 Monitors (outside I.C.U.), per day or part thereof	10,00	57231 Monitors (buite I.S.E.), per dag of deel daarvan	10,00
57232 Respirators, e.g. Bennett PR2 or Bird (outside I.C.U.) (excluding oxygen), per day or part thereof	7,50	57232 Respirators, bv. Bennett PR2 of Bird (sonder suurstof) (buite I.S.E.), per dag of deel daarvan.....	7,50
57233 Croupettes (excluding oxygen), per day or part thereof.....	2,00	57233 Croupettes (sonder suurstof), per dag of deel daarvan.....	2,00
57234 Incubators (excluding oxygen), per day or part thereof.....	4,00	57234 Broeikaste (sonder suurstof), per dag of deel daarvan.....	4,00
57235 Oxygen tents (excluding oxygen), per day or part thereof.....	3,50	57235 Suurstofente (sonder suurstof), per dag of deel daarvan.....	3,50
57236 Angstrom or Bennett M.A.1.B. respirator (excluding oxygen), per day or part thereof.....	30,00	57236 Bennett M.A.1.B.- of Angstrom-respirator (sonder suurstof), per dag of deel daarvan.....	30,00
<i>Dressing trays</i>		<i>Bewerkingsblaaie</i>	
57251 Sterile trays—per tray.....	1,40	57251 Steriele blaaie—per blad.....	1,40
Non-sterile trays:		Nie-steriele blaaie:	
57253 Preparation trays—per tray.....	0,55	57253 Voorbereidingsblaaie—per blad.....	0,55
57255 E.N.T. trays—per tray.....	0,55	57255 O.N.K.-blaaie—per blad.....	0,55
57257 Swabbing trays—per tray.....	0,55	57257 Depperblaaie—per blad.....	0,55

ANNEXURE B

Ward fees

Hospitals shall indicate the exact time of admission and discharge on all accounts.

Ward fees shall be charged at the full daily rate if admission takes place before 12h00 and at half the daily rate if admission takes place after 12h00. Ward fees shall be charged at half the daily rate if discharge takes place before 12h00 and at the full daily rate if discharge takes place after 12h00: Provided that the minimum amount charged shall be equal to the tariff for one full day.

General ward		R
58001	Surgical cases, per day.....	21,50
58002	Thoracic cases (surgical), per day.....	22,50
58003	Neurosurgical cases, per day.....	22,50
58004	Medical and neurological cases, per day.....	22,50

58020 Private ward

If accommodation in a private ward has been prescribed by a medical practitioner for medical reasons, fees for such accommodation shall be charged at the prevailing private ward rate, which shall in no case exceed R33,00 per day, less a discount of 10%: Provided that the relevant scheme has guaranteed payment for accommodation in a private ward.

Hospitals shall obtain a detailed certificate as to the necessity for accommodation in a private ward from the attendant practitioner and such certificate shall be forwarded to the relevant scheme together with the account.

58021 Private ward at request of member

Where a scheme undertakes to guarantee payment for accommodation in a private ward at the specific request of the member, the scheme shall be entitled to a 10% discount on the prevailing private ward rate.

Drugs (ward)

58045 Drugs supplied by ward—as per Standard Drug and Material Tariff (Annexure C)

Fixed fee procedures

58051	Air encephalograms.....	23,00
58052	Hysterosalpingograms.....	23,00
58053	Angiograms.....	23,00
58054	Cardiac catheterisation.....	23,00
58055	Electroconvulsive therapy (E.C.T.).....	5,50

Theatre fees

Out-patients (Patients that are not warded)

58071 Time in theatre:

The exact time of admission to and discharge from theatre shall be stated.

The theatre charge shall be calculated as follows:

1-15 minutes.....	14,50
each subsequent 15 minutes or part thereof.....	7,20

In-patients

Operations—general

58081 Time:

The exact time of admission to and discharge from theatre shall be stated.

The theatre charge shall be calculated as follows:

1-15 minutes.....	37,00
16-30 minutes.....	43,00
31-45 minutes.....	50,00
46-60 minutes.....	56,00
each subsequent 15 minutes or part thereof.....	14,00

Operations—neurosurgery

58091 Preparation fee per operation only chargeable where the duration of the operation exceeds 60 minutes..... 54,00

58092 Time:

The exact time of admission to and discharge from theatre, and the exact operating time, shall be stated.

The theatre charge shall be calculated as follows:

1-60 minutes.....	57,00
each subsequent 15 minutes or part thereof.....	14,00

BYLAE B

Saalgelde

Hospitale moet die presiese tyd van toelating en ontslag op alle rekenings aandui.

Saalgelde word gehef teen die volle daaglikse tarief indien toelating vóór 12h00 geskied en teen die helfte van die daaglikse tarief indien toelating ná 12h00 geskied. Saalgelde word gehef teen die helfte van die daaglikse tarief indien ontslag vóór 12h00 geskied en teen die volle daaglikse tarief indien ontslag ná 12h00 geskied: Met dien verstande dat die minimum bedrag wat gevra word, gelyk is aan die tarief vir een volle dag.

Algemene saal

		R
58001	Chirurgiese gevalle, per dag.....	21,50
58002	Toraks-chirurgiese gevalle, per dag.....	22,50
58003	Neurochirurgiese gevalle, per dag.....	22,50
58004	Mediese en neurologiese gevalle, per dag.....	22,50

58020 Privaatsaal

Indien 'n geneesheer verblyf in 'n privaatsaal om mediese redes voorskryf, word gelde vir sodanige verblyf gehef teen die heersende privaatsaaltarief, wat in geen geval R33,00 per dag mag oorskry nie, min 10 persent korting: Met dien verstande dat die betrokke skema die betaling vir verblyf in 'n privaatsaal gewaarborg het.

Hospitale moet 'n gedetailleerde sertifikaat aangaande die noodsaaklikheid van privaatsaalverblyf van die behandelende dokter verkry en sodanige sertifikaat saam met die rekening aan die betrokke skema stuur.

58021 Privaatsaal op lid se versoek

Waar 'n skema onderneem om betaling vir privaatsaalverblyf wat op die uitdruklike versoek van die lid verskaf word, te waarborg, is die skema geregtig op 'n 10 persent korting op die heersende privaatsaaltarief.

Verdowingsmiddels (saal)

58045 Verdowingsmiddels deur die saal verskaf—per Standaardtarief vir Verdowingsmiddels en Materiaal (Bylae C).

Gelde vir vaste prosedures

58051	Lugenkefalogramme.....	23,00
58052	Histerosalpingogramme.....	23,00
58053	Angiogramme.....	23,00
58054	Hartkateterisasies.....	23,00
58055	Elektrokonvulsiewe terapie (E.K.T.).....	5,50

Teatergelde

Buitepasiënte (Pasiënte wat nie in 'n saal opgeneem word nie).

58071 Tyd in teater:

Die presiese tyd van toelating tot en ontslag uit teater moet aangetoon word.

Die teatergelde word soos volg bereken:

1-15 minute.....	14,50
elke daaropvolgende 15 minute of deel daarvan	7,20

Binnepasiënte

Operasies—algemeen

58081 Tyd:

Die presiese tyd van toelating tot en ontslag uit teater moet aangetoon word.

Die teatergelde word soos volg bereken:

1-15 minute.....	37,00
16-30 minute.....	43,00
31-45 minute.....	50,00
46-60 minute.....	56,00
elke daaropvolgende 15 minute of deel daarvan	14,00

Operasies—neurochirurgie

58091 Voorbereidingsgelde per operasie slegs van toepassing wanneer die duur van die operasie 60 minute oorskry..... 54,00

58092 Tyd:

Die presiese tyd van toelating tot en ontslag uit teater sowel as die presiese tydsduur van die operasie moet aangetoon word.

Die teatergelde word soos volg bereken:

1-60 minute.....	57,00
elke daaropvolgende 15 minute of deel daarvan	14,00

Standard charges for equipment, etc.

	R
58231 Monitors (outside I.C.U.), per day or part thereof	10,00
58232 Respirators, e.g. Bennett PR2 or Bird (outside I.C.U.) (excluding oxygen), per day or part thereof	7,50
58233 Croupettes (excluding oxygen), per day or part thereof	2,00
58234 Incubators (excluding oxygen), per day or part thereof	4,00
58235 Oxygen tents (excluding oxygen), per day or part thereof	3,50
58236 Angstrom or Bennett M.A.I.B. respirator (excluding oxygen), per day or part thereof	30,00
<i>Dressing trays</i>	
58251 Sterile trays—per tray	1,40
Non-sterile trays:	
58253 Preparation trays—per tray	0,55
58255 E.N.T. trays—per tray	0,55
58257 Swabbing trays—per tray	0,55

ANNEXURE C

STANDARD DRUG AND MATERIALS TARIFF: JUNE 1978

1. *Over-the-counter and proprietary items*

As per suggested retail prices—Pharmaceutical Society of South Africa.

2. *All dispensed items*

As per the official schedules and tables of the Pharmaceutical Society of South Africa.

3. *Ampoules ex broken bulk*

In proportion to the retail price. No dispensing fee shall be added, whether ampoules are obtained from the ward, the dispensary or the theatre.

4. *Schedule 7 ampoules*

Where such ampoules are obtained from the ward, the dispensary or the theatre, the Schedule 7 fee (20c) shall be levied on the total number of ampoules, irrespective of how many ampoules are supplied.

If more than one Schedule 7 commodity appears on an invoice, the Schedule 7 fee shall be charged separately for each commodity.

5. *Price of tablets and capsules ex-ward*

The price per tablet or capsule shall incorporate a *pro rata* dispensing fee, i.e. the price charged shall be the retail price of the smallest pack plus the dispensing fee of the Pharmaceutical Society of South Africa divided by the number of tablets or capsules in the smallest pack.

In the case of tablets or capsules that fall under Schedule 7 the formula shall be the retail price of the smallest pack plus the dispensing fee of the Pharmaceutical Society of South Africa plus the Schedule 7 fee, divided by the number of tablets or capsules in the smallest pack.

6. *Syringes*

Manufacturer's list price plus 50 per cent. The same should apply to all surgical items such as catheters, etc.

7. *Gas (oxygen and nitrous oxide)*

R1,50 per 15 minutes—for both gases together. Ward fee for oxygen—60 cents per hour or part thereof. (In areas where railage or the manufacturer's supply price is much higher than average, these rates may be increased to cover such higher cost.)

8. *Halothane (Fluothane)*

R1,50 per 15 minutes or part thereof.

9. *Sutures*

Synthetic absorbable sutures e.g. Vicryl and polypropylene e.g. Prolene—R3,75 each.

Common atraumatic sutures—R2,25 each. Ophthalmic or special sutures at list price plus 50 per cent.

10. *Prosthesis*

Vitallium or equivalent:

Up to R120—gross cost plus 50 per cent; over R120—gross cost plus 25 per cent; and over R1 000—by arrangement.

11. *Electronic supplies*

By arrangement.

12. *Railage*

An additional charge may be made to cover the cost of railage paid on items sent to areas outside the supplier's free delivery area.

Standaardheffings vir toerusting, ens.

	R
58231 Monitors (buite I.S.E.), per dag of deel daarvan	10,00
58232 Respirators, bv. Bennett PR2 of Bird (sonder suurstof) (buite I.S.E.), per dag of deel daarvan	7,50
58233 Croupettes (sonder suurstof), per dag of deel daarvan	2,00
58234 Broeikaste (sonder suurstof), per dag of deel daarvan	4,00
58235 Suurstoftente (sonder suurstof), per dag of deel daarvan	3,50
58236 Bennett M.A.I.B.- of Angstrom-respirator (sonder suurstof), per dag of deel daarvan	30,00
<i>Bewerkingsblaaie</i>	
58251 Steriele blaaie—per blad	1,40
Nie-steriele blaaie:	
58253 Voorbereidingsblaaie—per blad	0,55
58255 O.N.K.-blaaie—per blad	0,55
58257 Depperblaaie—per blad	0,55

BYLAE C

STANDAARTARIEF VIR VERDOWINGSMIDDELS EN MATERIAAL: JUNIE 1978

1. *Toonbank- en patentitems*

Per voorgestelde kleinhandelprys—Aptekersvereniging van Suid-Afrika.

2. *Alle voorbereide items*

Per die amptelike skedules en tabelle van die Aptekersvereniging van Suid-Afrika.

3. *Ampules uit gebroke grootmaat*

Pro rata die kleinhandelprys. Toeberedingskoste moet nie bygereken word nie, ongeag of die ampules van die saal of apteek of teater verkry is.

4. *Skedule 7-ampules*

Waar sodanige ampules van die saal of die apteek of die teater verkry is, moet die Skedule 7-heffing van 20c gevra word op die totale aantal ampules, ongeag hoeveel ampules verskaf is.

Indien meer as een Skedule 7-middel op die faktuur verskyn, moet die Skedule 7-heffing vir elke afsonderlike middel gevra word.

5. *Prys van tablette en kapsules uit die saal*

Die prys per tablet of kapsule moet 'n *pro rata*-toeberedingsgeld insluit; byvoorbeeld: Die prys wat gevra word, is die kleinhandelprys van die kleinste verpakking plus die Aptekersvereniging van Suid-Afrika se toeberedingsgeld, gedeel deur die getal tablette of kapsules in die kleinste verpakking.

Waar die tablet of kapsule onder Skedule 7 ressorteer, is die formule: Die kleinhandelprys van die kleinste verpakking plus die toeberedingsgeld volgens die Aptekersvereniging van Suid-Afrika plus die Skedule 7-heffing, gedeel deur die getal tablette of kapsules in die kleinste verpakking.

6. *Spuite*

Die vervaardiger se gelyste prys plus 50 persent. Insgelyks geld die gelyste prys ook vir alle chirurgiese items soos kateters, ens.

7. *Gas (suurstof en laggas)*

R1,50 vir 15 minute—vir albei gasse saam. Suurstof, in die saal—60c per uur of gedeelte van 'n uur. (In gebiede waar die spoorvrag of die vervaardiger se prys aansienlik hoër as die gemiddelde is, kan die tarief verhoog word om die hoër koste te dek.)

8. *Halotaan (Fluothane)*

R1,50 per 15 minute of deel daarvan.

9. *Hegmateriaal*

Sintetiese oplosbare hegmaterial, bv. Vicryl, en polipropileen, bv. Prolene, R3,75 elk.

Gewone nie-traumatisiese hegmaterial R2,25 per stuk. Oogkundige of spesiale hegmaterial teen die gelyste prys plus 50 persent.

10. *Protese*

Vitallium of ekwivalent:

Tot R120—brutokoste plus 50 persent; meer as R120—brutokoste plus 25 persent; en meer as R1 000—volgens ooreenkoms.

11. *Elektroniese benodigdhede*

Volgens ooreenkoms.

12. *Spoorvrag*

'n Bykomende heffing kan op items wat na gebiede gestuur word wat buite die verskaffer se gratis aflewering gebied is, geplaas word om die uitgawe wat aan spoorvrag betaal is, te dek.

13. Price increases

Should there be an increase in the supplier's price of any item which is not listed in the official price list, e.g. gas, the new price shall be based on the additional cost plus 50 per cent added on to the existing price.

DEPARTMENT OF INDIAN AFFAIRS

No. R. 949 4 May 1979

**ELECTORAL ACT FOR INDIANS, 1977
(ACT 122 OF 1977)****CORRECTION NOTICE**

The following corrections should be made to the regulations published under Government Notice R. 303 of 23 February 1979:

1. In the English text, insert the words "court if the aforesaid declaration is made to him before the nomination day or on the nomination day before" after the word "nomination" where it appears in the second last line of regulation 11 (1).

2. In the English text, substitute the word "certified" for the word "certificate" where it appears in the first line of regulation 23 (2).

3. In the Afrikaans text, substitute the word "inkpotlood" for the word "inkpotloot", where it appears in the second line of regulation 57 (2).

DEPARTMENT OF LABOUR

No. R. 919 4 May 1979

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956**FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY,
WESTERN CAPE.—SICK BENEFIT SOCIETY
AGREEMENT**

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Labour, hereby, in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Furniture Manufacturing Industry, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 June 1981, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions.

S. P. BOTHA, Minister of Labour.

SCHEDULE**INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, WESTERN CAPE.—FURNITURE WORKERS' SICK BENEFIT SOCIETY****AGREEMENT**

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Cape Furniture Manufacturers' Association

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

National Association of Furniture and Allied Workers of South Africa

and the

National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry, Western Cape.

13. Prysstygings

Indien daar 'n styging is in die verskaffer se prys vir 'n item wat nie op die amptelike pryslys is nie, bv. gas, word die nuwe prys gebaseer op die bykomende koste plus 50 persent, wat by die bestaande prys getel word.

DEPARTEMENT VAN INDIËRSAKE

No. R. 949 4 Mei 1979

**KIESWET VIR INDIËRS, 1977
(WET 122 VAN 1977)****VERBETERINGSKENNISGEWING**

Die volgende verbeterings moet in die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 303 van 23 Februarie 1979, aangebring word:

1. In die Engelse teks, regulasie 11 (1):

Voeg die woorde "court if the aforesaid declaration is made to him before the nomination day or on the nomination day before" na die woord "nomination" waar dit in die tweede laaste reël van die paragraaf voorkom.

2. In die Engelse teks, regulasie 23 (2):

Vervang die woord "certificate" deur die woord "certified" waar dit in die eerste reël voorkom.

3. In die Afrikaanse teks, regulasie 57 (2):

Vervang die woord "inkpotloot" deur die woord "inkpotlood" waar dit in die tweede reël voorkom.

DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 919 4 Mei 1979

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956**MEUBELNYWERHEID, WES-KAAPLAND. —
SIEKTEBYSTANDSGENOOTSKAPOOREENKOMS**

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Arbeid, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die Meubelnywerheid betrekking het, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 Junie 1981 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat die Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is.

S. P. BOTHA, Minister van Arbeid.

BYLAE**NYWERHEIDSRaad VIR DIE MEUBELNYWERHEID,
WES-KAAPLAND. — SIEKTEBYSTANDSGENOOTSKAP
VIR MEUBELWERKERS****OOREENKOMS**

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, aangegaan deur en tussen die

Cape Furniture Manufacturers' Association

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

National Association of Furniture and Allied Workers of South Africa

en die

National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid, Wes-Kaapland.

1. SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial Districts of Beaufort West, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, The Cape, Carnarvon, Clanwilliam, Ceres, Fraserburg, Goodwood, Hopefield, Hermanus, Heidelberg (C.P.), Kuils River, Ladismith, Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Namaqualand, Paarl, Piketberg, Prince Albert, Riversdale, Robertson, Simonstown, Somerset West, Stellenbosch, Strand, Sutherland, Swellendam, Tulbagh, Vanrhyndorp, Victoria West, Vredendal, Wellington, Williston, Worcester, Wynberg, Barkly West, Britstown, De Aar, Gordonias, Hay, Herbert, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, and in that portion of the Magisterial District of Postmasburg which, prior to the publication of Government Notice 1254 of 27 June 1975 fell within the Magisterial District of Kuruman, but excluding that portion of the Magisterial District of Kuruman which, prior to the publication of Government Notice 1314 of 28 August 1964, fell within the Magisterial District of Postmasburg, Philips-town and Prieska by all employers who are members of the employers' organisation and engaged in the Furniture Manufacturing Industry and by all employees who are members of the trade unions and employed in that Industry.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the provisions of this Agreement shall—

(a) apply only to employees, other than casual employees, for whom wages are prescribed in the Main Agreement and to the employers of such employees; and

(b) apply in respect of apprentices only in so far as such application is not inconsistent with the provisions of the Apprenticeship Act, 1944, or any contract entered into in terms thereof.

2. PERIOD OF OPERATION

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of section 48 of the Act, and shall remain in force for the period ending 30 June 1981 or for such period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS

All expressions used in this Agreement, which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1956, shall have the same meaning as in that Act and unless the contrary intention appears, all words and expressions importing the masculine shall include the feminine gender and those signifying the singular shall include the plural, and vice versa; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956;

"auditor" means a public accountant as defined in the Act;

"Furniture Manufacturing Industry" or "Industry" means, without in any way limiting the ordinary meaning of the expression, the manufacture either in whole or in part of all types of furniture, irrespective of the material used, and shall include, *inter alia*, the following operations:

Repairing, upholstering, re-upholstering, staining, spraying or polishing and/or repolishing, making of loose covers and/or cushions and/or curtains and/or the making and/or repairing of boxspring mattresses and/or frames for upholstering, wood-machining, veneering, wood-turning, carving, in connection with the manufacture and/or repair of furniture, polishing and/or repolishing of pianos or the manufacture and/or staining, spraying and polishing and/or repolishing of tearoom, office, church, school, bar and theatre furniture, and cabinets for musical instruments, and radio or wireless cabinets, and shall include the manufacture or processes in the manufacture of bedding, the definition and interpretation of which shall include all manner or types of mattresses, springmattresses, overlays, pillows, bolsters and cushions, and includes the activities carried on in any premises where woodmachining, wood-turning and/or carving in connection with the production of furniture is carried on; and includes further, the repairing, re-upholstering or repolishing of furniture in or in connection with establishments in which the production of furniture or any operation associated with the final preparation of any article of furniture for sale either in whole or in part is carried on, and the veneering of laminated blockboard or plywood doors used for furniture, and all parts of materials used in the construction of furniture, but excludes the manufacture of articles made principally of wicker, grass and/or cane, and the manufacture of metal furniture, including the manufacture of metal bedsteads;

"casual employee" means an employee who is employed by the same employer on not more than three days in any one week for the purpose of loading and/or off-loading and/or storing raw materials of any kind;

1. TOEPASSINGSBESTEK

(1) Hierdie Ooreenkoms moet in die landdrosdistrikte Beaufort-Wes, Bellville, Bredasdorp, Caledon, Calvinia, Die Kaap, Carnarvon, Clanwilliam, Ceres, Fraserburg, Goodwood, Hopefield, Hermanus, Heidelberg (K.P.), Kuilsrivier, Ladismith, Laingsburg, Malmesbury, Montagu, Namakwaland, Paarl, Piketberg, Prins Albert, Riversdal, Robertson, Simonstad, Somerset-Wes, Stellenbosch, Strand, Sutherland, Swellendam, Tulbagh, Vanrhynsdorp, Victoria-Wes, Vredendal, Wellington, Williston, Worcester, Wynberg, Barkly-Wes, Britstown, De Aar, Gordonias, Hay, Herbert, Hopetown, Kenhardt, Kimberley, Kuruman, en in daardie gedeelte van die landdrosdistrik Postmasburg wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 1254 van 27 Junie 1975 in die landdrosdistrik Kuruman geval het, maar uitgesonderd daardie gedeelte van die landdrosdistrik Kuruman wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing 1314 van 28 Augustus 1964 in die landdrosdistrik Postmasburg geval het, Philips-town en Prieska nagekom word deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasie is en by die Meubelnywerheid betrokke is en deur alle werknemers wat lede van die vakverenigings is en in daardie Nywerheid werksaam is.

(2) Ondanks subklousule (1), is hierdie Ooreenkoms van toepassing—

(a) slegs op werknemers, uitgesonderd los werknemers, vir wie lone in die Hoof-ooreenkoms voorgeskryf word, en op die werkgewers van sodanige werknemers; en

(b) ten opsigte van vakleerlinge slegs in soverre sodanige toepassing nie onbestaanbaar is nie met die Wet op Vakleerlinge, 1944, of enige kontrak wat daarkragtens gesluit is.

2. GELDIGHEIDSDUUR

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op dié datum wat die Minister kragtens artikel 48 van die Wet mag vasstel en bly van krag tot 30 Junie 1981 of vir dié tydperk wat hy bepaal.

3. WOORDOMSKRYWING

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en tensy die teenoor-gestelde bedoeling blyk, sluit alle woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag behels ook die vroulike geslag in en alle woorde en uitdrukkings wat die enkelvoud behels, ook die meervoud in, en omgekeerd; voorts, tensy dit onbestaanbaar met die samehang is, beteken—

"Wet" die Wet op Nywerheidsversoening, 1956;

"ouditeur" 'n openbare rekenmeester soos in die Wet omskryf;

"Meubelnywerheid" of "Nywerheid", sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking enigsins te beperk, die vervaardiging, of volledig of gedeeltelik, van alle soorte meubels, ongeag die materiaal wat gebruik word, en sluit dit onder andere die volgende werksaamhede in:

Heelmaak, stoffeer, herstoffeer, beits, spuitverf of poleer en/of herpoleer, die maak van los oortreksels en/of kussings en/of gordyne en/of die maak en/of heelmaak van raamveermatrasse en/of rame vir stoffeerwerk, masjienhoutwerk, finierwerk, houtdraaiwerk, houtsnijwerk in verband met die vervaardiging en/of heelmaak van meubels, die polering en/of herpolering van klaviere of die vervaardiging en/of beits, die spuit en polering en/of herpolering van meubels vir teekamers, kantore, kerke, skole, kroes en teaters en kabinette vir musikinstrumente en radio- of draadlooskabinette, en dit sluit in die vervaardiging of prosesse by die vervaardiging van beddegoed, waarvan die omskrywing en vertolking insluit alle soorte of tipes matrasse, binneveermatrasse, bomatrasse, kussings, peule en stoelkussings, en dit sluit in die werksaamhede op alle persele waar masjienhoutwerk, houtdraai- en/of houtsnijwerk in verband met die vervaardiging van meubels gedoen word; en dit sluit verder in die heelmaak, herstoffering of herpolering van meubels, in of in verband met bedryfsinrigtings waarin die vervaardiging van meubels of enige werk in verband met die finale afwerking van enige meubelstuk vir verkoop, of volledig of gedeeltelik, gedoen word, en die finering van lamelblokbord- of laaghoutdeure wat vir meubels gebruik word, en alle dele van materiaal wat vir die maak van meubels gebruik word, maar dit sluit nie in nie die vervaardiging van artikels wat hoofsaaklik van biesies, gras en/of rottang gemaak word, en die vervaardiging van metaalmeubels, met inbegrip van die vervaardiging van metaalbeddens;

"los werknemer" 'n werknemer wat by dieselfde werkgewer vir hoogstens drie dae in enige bepaalde week in diens is om grondstowwe van watter aard ook al op te laai en/of af te laai en/of op te berg;

"chief medical officer" means the medical officer appointed in terms of clause 15;

"Committee" or "Management Committee" shall for the purposes of the administration of the Society mean the Committee appointed by the Council in accordance with the provisions of clause 13 of this Agreement;

"contributions" means the moneys payable to the Society in terms of clause 8 of this Agreement;

"Council" means the Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry of the Western Cape;

"dependant" means, in relation to a member—

(i) his wife;

(ii) his child, stepchild or legally adopted child under the age of 18 years who is unmarried and not in receipt of regular remuneration;

(iii) his child, stepchild or legally adopted child over the age of 18 years who is unmarried and, owing to mental or physical defect or any similar cause, is not in receipt of regular remuneration and who, with the consent of the Management Committee and subject to its conditions, is recognised as a dependent person;

(iv) any other member of his family who is wholly dependent on such member and is recognised as a dependent person by the Management Committee subject to such conditions as may be imposed by the Committee: Provided that any such dependent shall be normally resident with and dependent upon the member;

"learner" means an employee who is authorised or deemed to be authorised a learner in terms of any agreement published in terms of the Act which is or was binding on the Industry from time to time;

"Main Agreement" means the Agreement published under Government Notice R. 2092 of 24 November 1972 or any subsequent agreement in which wages are prescribed for employees in the Industry and published in terms of section 48 of the Act;

"member" means an employee who has been admitted as a member of the Society, and the word "membership" shall have a corresponding meaning;

"old age" means the age of 60 years or over;

"ordinary wage" means for the purposes of Annexure A, the wage based on an employee's earnings and payable had he worked 44 hours, excluding overtime, during any one week;

"pay-day" means Friday in each week, except where Friday is a non-working day, when the pay-day shall be the last working day preceding Friday;

"regulations" shall mean the regulations made by the Management Committee from time to time in accordance with clause 21 of this Agreement;

"retirement" means permanent retirement from the Industry through incapacity, ill-health or old age, and the word "retire" has a corresponding meaning;

"Secretary" means the Secretary of the Society appointed in terms of clause 15 of this Agreement;

"sickness" means physical disorder, incapacity or indisposition through ailment; disease, illness or injury for which members and dependants are entitled to benefits by virtue of clause 9 and/or sick-pay in terms of clause 10 of this Agreement;

"sick-pay" means the sick-pay payable in terms of clause 10 of this Agreement;

"Society" shall mean the Furniture Workers' Sick Benefit Society (Western Cape);

"trustee(s)" means the trustee(s) appointed in terms of clause 22.

4. FURNITURE WORKERS' SICK BENEFIT SOCIETY (WESTERN CAPE)

(1) The Furniture Workers' Sick Benefit Society (Western Cape) established in terms of the Agreement published under Government Notice R. 704 of 26 April 1968 is hereby continued.

(2) The Society shall consist of—

(a) moneys standing to the credit of the Furniture Workers' Sick Benefit Society (Western Cape) as at the date of coming into operation of this Agreement;

(b) the contributions provided for in clause 8 of this Agreement;

(c) interest derived from the investment of any moneys of the Society; and

(d) any other moneys to which the Society may become entitled or which may be donated to the Society.

"hoof- mediese beampte" die mediese beampte wat ingevolge klousule 15 aangestel word;

"Komitee" of "Bestuurskomitee", vir doeleindes van die administrasie van die Genootskap, die Komitee deur die Raad aangestel ooreenkomstig klousule 13 van hierdie Ooreenkoms;

"bydraes" die geld wat ooreenkomstig klousule 8 van hierdie Ooreenkoms aan die Genootskap betaalbaar is;

"Raad" die Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid van Wes-Kaapland;

"afhanklike", met betrekking tot 'n lid—

(i) sy vrou;

(ii) sy kind, stiefkind of wettig aangenome kind onder die ouderdom van 18 jaar, wat ongetroud is en nie gereeld besoldiging ontvang nie;

(iii) sy kind, stiefkind of wettig aangenome kind bo die ouderdom van 18 jaar, wat ongetroud is en vanweë 'n verstandelike of liggaamlike gebrek of enige soortgelyke oorsaak nie gereeld besoldiging ontvang nie, en wat met die toestemming van die Bestuurskomitee en onderworpe aan sy voorwaardes as 'n afhanklike persoon erken word;

(iv) enige ander lid van sy gesin wat heeltemal van sodanige lid afhanklik is en deur die Bestuurskomitee as 'n afhanklike persoon erken word, onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat deur die Komitee gestel word: Met dien verstande dat sodanige afhanklike normaalweg by die lid woon en van hom afhanklik is;

"leerling" 'n werknemer wat gemagtig is of geag word gemagtig te wees as 'n leerling ingevolge enige ooreenkoms, gepubliseer ingevolge die Wet, wat van tyd tot tyd op die Nywerheid van toepassing is of was;

"Hofooreenkoms" die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2092 van 24 November 1972, of enige daaropvolgende ooreenkoms waarin lone vir werknemers in die Nywerheid voorgeskryf word en wat ingevolge artikel 48 van die Wet gepubliseer is;

"lid" 'n werknemer wat toegelaat is as lid van die Genootskap, en het die woord "lidmaatskap" 'n ooreenstemmende betekenis;

"hoë ouderdom" die leeftyd van 60 jaar of ouer;

"gewone loon", vir die toepassing van Aanhangsel A, die loon gebaseer op 'n werknemer se verdienste en betaalbaar as hy 44 uur, uitgesonderd oortyd, gedurende enige bepaalde week gewerk het;

"betaaldag" Vrydag elke week, behalwe as Vrydag nie 'n werkdag is nie, wanneer die betaaldag dan die laaste werkdag vóór Vrydag is;

"regulasies" die regulasies van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee ooreenkomstig klousule 21 van hierdie Ooreenkoms opgestel;

"aftrede" permanente aftrede uit die Nywerheid weens ongeskiktheid, swak gesondheid of hoë ouderdom en het die woord "aftree" 'n ooreenstemmende betekenis;

"Sekretaris" die Sekretaris van die Genootskap aangestel ooreenkomstig klousule 15 van hierdie Ooreenkoms;

"siekte" liggaamlike ongesteldheid, ongeskiktheid of ongesteldheid weens 'n kwaal, siekte, aandoening of besering waarvoor lede en afhanklikes geregtig is op bystand uit hoofde van klousule 9 en/of op siektebesoldiging ooreenkomstig klousule 10 van hierdie Ooreenkoms;

"siektebesoldiging" die siektebesoldiging betaalbaar ooreenkomstig klousule 10 van hierdie Ooreenkoms;

"Genootskap" die Siektebystandsgenootskap vir Meubelwerkers (Wes-Kaapland);

"trustee(s)" die trustee(s) ooreenkomstig klousule 22 aangestel.

4. SIEKTEBYSTANDSGENOOTSAP VIR MEUBELWERKERS (WES-KAAPLAND)

(1) Die Siektebystandsgenootskap vir Meubelwerkers (Wes-Kaapland) ingestel ingevolge die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 704 van 26 April 1968 word hierby voortgesit.

(2) Die Genootskap bestaan uit—

(a) geld wat in die krediet van die Siektebystandsgenootskap vir Meubelwerkers (Wes-Kaapland) staan op die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree;

(b) die bydraes waarvoor in klousule 8 van hierdie Ooreenkoms voorsiening gemaak word;

(c) rente wat gekweek word deur die belegging van alle geld van die Genootskap; en

(d) alle ander geld waarop die Genootskap geregtig mag word of wat aan die Genootskap geskenk mag word.

5. OBJECTS

(1) The objects of the Society shall be to raise and maintain funds by contributions and donations for the purpose of providing, in accordance with the provisions of this Agreement and the regulations, members and their dependants with medical, surgical, dental, and ophthalmic attendance and treatment, medicines, dressings, comfort, hospital or nursing home treatment when free beds in a hospital, in terms of the relevant Provincial Ordinance, are unobtainable and the latter case is one of urgency; to provide sick-pay for members and such other benefits and assistance as may from time to time be determined by the Management Committee and to take measures for the prevention of sickness and for the improvement and promotion of health amongst members and their dependants.

(2) In connection with the attainment of the afore-mentioned objects the Society may—

(a) contract with, retain or employ such doctors, nurses, dispensers and other persons as it may consider desirable;

(b) establish and/or conduct any hospital, nursing home, convalescent home or the like, or any surgery or dispensary;

(c) contract with any hospital, nursing home, convalescent home or the like for the care of members and their dependants;

(d) contract with any optician, dentist, pharmacist or any other person for the supply of services, optical requirements, medicines, dentures, dressings and drugs;

(e) acquire movable and, subject to the approval of the Registrar acquire immovable property and/or erect and/or maintain buildings;

(f) amalgamate or incorporate with or work in reciprocity with any other organisation or body having objects similar in whole or in part to those of the Society.

(3) The Society may further do all such other things as are incidental or conducive to the attainment of any objects, or incidental to any of the powers or functions in this Agreement.

6. MEMBERSHIP

(1) (a) Membership of the Society shall be compulsory for—

(i) members of the trade unions who are parties to this Agreement and who are employed by members of the employers' organisation;

(ii) apprentices and learners.

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a) hereof membership shall further, at the discretion of the Committee, be open to any other persons engaged in the Industry, other than casual labourers, who elect to become members and in respect of whom their employers have consented to make the contributions provided for.

(2) Membership of the Society shall terminate immediately a member leaves the Industry, notwithstanding any contributions which may have been paid.

(3) A member, who on account of old age, or physical disability, or other circumstances, retires from service may, with the consent of the Management Committee, become a continuation member of the Society on such terms and conditions as to contributions to the Society and otherwise as the Management Committee may from time to time prescribe: Provided that he had been at the time of his retirement continuously employed in the Industry for a period of not less than 20 years.

(4) The widow of a deceased member may, with the approval of the Committee, be admitted as a member of the Society: Provided that the deceased member at the time of his death had been a member of the Society: Provided further that the widow shall apply for membership within six months of the date of her husband's death on such terms and conditions or otherwise as the Management Committee may from time to time prescribe.

Such membership shall continue only for so long as such widow remains unmarried or takes up employment where membership of a medical aid or benefit scheme is compulsory.

(5) The provisions of this clause shall not apply to persons who are engaged in the Industry and who are dependants of members of this or any other medical scheme.

7. MEMBERS' COMPLAINTS

(1) Any complaint against the Management Committee or any official or servant thereof, shall be made in writing to the Council who shall have power to adjudicate, and whose ruling shall be final.

5. DOELSTELLINGS

(1) Die doel van die Genootskap is om fondse in te samel en in stand te hou deur middel van bydraes en skenkings, om, ingevolge hierdie Ooreenkoms en die regulasies, lede en hul afhanklikes te voorsien van mediese, chirurgiese, tandheelkundige en oftalmiese ondersoeke en behandeling, medisyne, verbande, geriewe, behandeling in hospitale of verpleeginrigtings wanneer vry beddens in 'n hospitaal, ooreenkomstig die betrokke Provinsiale ordonansie, onverkrygbaar is en laasgenoemde geval dringend is; om lede te voorsien van siekte-besoldiging en sodanige ander bystand en hulp as wat van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee bepaal word en om stappe te doen vir die voorkoming van siekte en die verbetering en bevordering van die gesondheid van lede en hul afhanklikes.

(2) In verband met die verwesenliking van bogemelde doelstellings kan die Genootskap—

(a) met sodanige dokters, verpleegsters, aptekers en ander persone as wat hy wenslik ag kontrakte aangaan, asook hulle retineer of in diens neem;

(b) enige hospitaal, verpleeginrigting, hersteloord of 'n dergelike inrigting of enige spreekkamer of apteek instel en/of dryf;

(c) kontrakte aangaan met enige hospitaal, verpleeginrigting, hersteloord of 'n dergelike inrigting vir die versorging van lede en hul afhanklikes;

(d) kontrakte aangaan met enige oogkundige, tandarts, farmaseut of enige ander persoon vir die verskaffing van dienste, oogkundige benodigdhede, medisyne, kunsgebitte, verbande en drogerie;

(e) roerende en, behoudens die goedkeuring van die Registrateur, vaste eiendom verkry en/of geboue oprig en/of instand hou;

(f) amalgameer of verenig met of wederkerig saamwerk met enige ander organisasie of liggaam wie se doelstellings geheel en al of gedeeltelik soortgelyk is aan dié van die Genootskap.

(3) Verder kan die Genootskap alle sodanige ander dinge doen as wat voortvloei uit of bevorderlik is vir die verwesenliking van enige doelstelling, of wat voortvloei uit enigeen van die bevoegdhede of funksies in hierdie Ooreenkoms gemeld.

6. LIDMAATSKAP

(1) (a) Lidmaatskap van die Genootskap is verpligtend vir—

(i) lede van die vakverenigings wat partye by hierdie Ooreenkoms is en wat by lede van die werkgewersorganisasie in diens is;

(ii) vakleerlinge en leerlinge.

(b) Ondanks paragraaf (a) hiervan staan lidmaatskap verder, na goedvinde van die Komitee, oop vir enige ander persone wat in die Nywerheid werksaam is, met uitsondering van los werknemers, wat verkies om lede te word en ten opsigte van wie hul werkgewers ingestem het om die bydraes te maak waarvoor daar voorsiening gemaak word.

(2) Lidmaatskap van die Genootskap eindig sodra 'n lid die Nywerheid verlaat, ongeag enige bydraes wat reeds betaal is.

(3) 'n Lid wat vanweë hoë ouderdom, liggaamlike ongeskiktheid of ander omstandighede uit die diens aftree, kan met die toestemming van die Bestuurskomitee 'n voortsettingslid van die Genootskap word op sodanige voorwaardes rakende bydraes aan die Genootskap en andersins as wat die Bestuurskomitee van tyd tot tyd mag voorskryf: Met dien verstande dat hy ten tyde van sy aftrede vir 'n tydperk van minstens 20 jaar ononderbroke in die Nywerheid in diens was.

(4) Die weduwee van 'n gestorwe lid kan, met die goedkeuring van die Komitee, as lid van die Genootskap toegelaat word: Met dien verstande dat die gestorwe lid ten tyde van sy dood lid van die Genootskap was: Voorts met dien verstande dat die weduwee binne ses maande na die datum van haar man se dood om lidmaatskap aansoek moet doen op sodanige voorwaardes en bepalinge of andersins as wat die Bestuurskomitee van tyd tot tyd mag voorskryf.

Sodanige lidmaatskap duur slegs solank as wat sodanige weduwee ongetroud bly of totdat sy 'n betrekking aanvaar waar lidmaatskap van 'n mediese hulp- of bystandskema verpligtend is.

(5) Hierdie klousule is nie van toepassing op persone wat in die Nywerheid werksaam is en wat afhanklikes van lede van hierdie of enige ander mediese skema is nie.

7. LEDE SE KLAGTES

(1) Enige klag teen die Bestuurskomitee of enige beaamde of dienaar daarvan, moet skriftelik gerig word aan die Raad wat die bevoegdheid het om 'n oordeel te vel en wie se beslissing afdoende is.

(2) Complaints against medical personnel shall be lodged with the Management Committee which in turn shall refer the said complaints to a committee appointed to investigate such complaints consisting of persons appointed from the members of the Management Committee together with the Chief Medical Officer. The investigating committee shall thereupon report its findings to the Management Committee.

8. CONTRIBUTIONS

(1) Every member shall, while he is an employee in the Furniture Industry, contribute to the Society in respect of each week of his employment half of the amount as prescribed in Annexure A to this Agreement: Provided that no contribution shall be made in respect of any week if the earnings of the member for such week do not exceed two-fifths of his normal wage. The contributions to be made in terms of this subclause shall be deducted by the employer from the member's wage.

(2) Every employer shall contribute to the Society in respect of each week a sum equal to the contributions made by his employees in respect of such week.

(3) The contributions payable in terms of subclause (1) and (2) shall be paid by the employers to the Council on behalf of the Society not later than the 10th day of the month following that in respect of which it was due. The Council shall forthwith pay the amounts so received to the Society.

9. BENEFITS

(1) Notwithstanding anything herein contained—

(a) members and their dependants shall not become entitled to any of the benefits provided for in subclause (4) (a) to (k) unless such members have paid not less than 13 weeks' contributions to the Society;

(b) members and their dependants shall not become entitled to any of benefits provided for in subclause (4) (l) and (m) unless such members have paid not less than 26 weeks contributions to the Society.

(2) All members and dependants who are resident within any area in which a doctor has been appointed by the Management Committee shall be required to utilise the services of such doctor, and all members and dependants shall also be required to utilise the services of chemists with whom the Management Committee has contracted for the dispensing of prescriptions.

(3) The Management Committee shall have the power to declare the treatment of any chronic ailment, from which a member or dependant is suffering to be no longer a liability of the Society after a period of 26 weeks of treatment and to suspend benefits in respect of unemployed members who have not contributed to the Society for a period of eight weeks.

(4) A member and his dependants shall be entitled to the following benefits:

(a) Medical attendance (excluding confinements or complications arising therefrom);

(b) specialists' services (excluding obstetrics), with the consent of the Chief Medical Officer of the Society or his deputy;

(c) notwithstanding the provisions of subclause (4) (a) and (b), a grant of R50 in respect of each confinement;

(d) operations (if performed by the Society's surgeons or with their approval), but excluding operations referred to in clause 11 of the Agreement;

(e) medical dressings and such medicines and/or drugs as may be decided upon by the Management Committee: Provided that the member shall pay 10 per cent of the total cost of such medicines and drugs;

(f) optical services (as may be decided by the Management Committee);

(g) an ex gratia contribution towards medical expenses at the entire discretion of the Management Committee—

(i) whilst journeying in any province of the Republic of South Africa; or

(ii) whilst temporarily resident in an area other than the area where he is usually resident;

(h) hospital and nursing home accommodation (when the case is one of urgency and free beds in hospital are unobtainable);

(i) such other services as may from time to time be introduced by the Management Committee;

(j) sick-pay in the case of a member only in terms of clause 10 of this Agreement;

(2) Klagtes teen mediese personeel moet ingedien word by die Bestuurskomitee wat op sy beurt genoemde klagtes moet verwys na 'n komitee aangestel om sodanige klagtes te ondersoek en wat bestaan uit persone uit die Bestuurskomitee se geledere aangestel, tesame met die hoof- mediese beampte. Die komitee van ondersoek moet daarna sy bevindings aan die Bestuurskomitee voorlê.

8. BYDRAES

(1) Elke lid moet, terwyl hy 'n werknemer in die Meubelnywerheid is, ten opsigte van elke week van sy diens die helfte van die bedrag in Aanhangsel A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf, aan die Genootskap bydra: Met dien verstande dat geen bydrae ten opsigte van 'n bepaalde week gemaak moet word nie indien die verdienste van die lid vir so 'n week hoogstens twee vyfdes van sy normale loon is. Die bydraes wat ooreenkomstig hierdie subklousule betaal moet word, moet deur die werkgever van die lid se loon afgetrek word.

(2) Elke werkgever moet ten opsigte van elke week 'n bedrag gelyk aan die bydraes wat sy werknemers ten opsigte van sodanige week betaal het, aan die Genootskap bydra.

(3) Die bydraes betaalbaar ooreenkomstig subklousules (1) en (2) moet voor die 10de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit verskuldig was, namens die Genootskap deur die werkgevers aan die Raad betaal word, en die Raad moet die bedrae aldus ontvang, onverwyld aan die Genootskap betaal.

9. BYSTAND

(1) Ondanks andersluidende bepalings hierin—

(a) word lede en hul afhanklikes nie geregtig op enige bystand waarvoor in subklousule (4) (a) tot (k) voorsiening gemaak word nie, tensy sodanige lede minstens 13 weke lank bydraes aan die Genootskap betaal het;

(b) word lede en hul afhanklikes nie geregtig op enige bystand waarvoor in subklousule (4) (l) en (m) voorsiening gemaak word nie, tensy sodanige lede minstens 26 weke lank bydraes aan die Genootskap betaal het.

(2) Van alle lede en afhanklikes wat woonagtig is binne enige gebied waarin 'n dokter deur die Bestuurskomitee aangestel is, word vereis om gebruik te maak van die dienste van sodanige dokter, en van alle lede en afhanklikes word ook vereis om gebruik te maak van die dienste van aptekers met wie die Bestuurskomitee 'n kontrak aangegaan het vir die opmaak van voorskrifte.

(3) Die Bestuurskomitee het die bevoegdheid om te verklaar dat die behandeling van enige chroniese siekte waaraan 'n lid of afhanklike ly, na behandeling van 26 weke nie langer die aanspreeklikheid van die Genootskap is nie, en om bystand op te skort ten opsigte van werklose lede wat vir 'n tydperk van agt weke nie bydraes aan die Genootskap betaal het nie.

(4) 'n Lid en sy afhanklikes is geregtig op die volgende bystand:

(a) Mediese behandeling (uitgesonderd bevallings of komplikasies wat daaruit voortspruit);

(b) spesialisdienste (uitgesonderd verloskundige dienste), met die toestemming van die Hoof- Mediese Beampte van die Genootskap of sy plaasvervanger;

(c) ondanks subklousule (4) (a) en (b), 'n skenking van R50 ten opsigte van elke bevalling;

(d) operasies (as dit uitgevoer word deur die Genootskap se chirurgie of met hul toestemming), maar uitgesonderd operasies gemeld in klousule 11 van die Ooreenkoms;

(e) mediese verbande en sodanige medisyne en/of drogerie waarvoor die Bestuurskomitee mag besluit: Met dien verstande dat die lid 10 persent van die totale koste van sodanige medisyne en drogerie betaal;

(f) oogkundige dienste (soos die Bestuurskomitee mag besluit);

(g) 'n ex gratia-bydrae tot mediese koste na die uitsluitlike goeddunke van die Bestuurskomitee—

(i) terwyl hulle in enige provinsie van die Republiek van Suid-Afrika reis; of

(ii) terwyl hulle tydelik woon in 'n ander gebied as die gebied waarin hulle gewoonlik woonagtig is;

(h) akkommodasie in 'n hospitaal of verpleeginrigting (wanneer dit 'n dringende geval is en vry beddens in 'n hospitaal onverkrygbaar is);

(i) sodanige ander dienste as wat van tyd tot tyd deur die Bestuurskomitee ingestel word;

(j) siektebesoldiging in die geval van 'n lid slegs ooreenkomstig klousule 10 van hierdie Ooreenkoms;

(k) a maximum of R75 per annum towards the cost of dental examination, treatment and surgery in respect of a member and/or his dependants: Provided that gold and other fillings shall be paid for at a rate of ordinary fillings (i.e. cement, silicate or similar alloy);

(l) the maximum liability of the Society for spectacles for a member and his dependants shall be R100 for every period of two years from the date of the first claim for spectacles by a member: Provided that the amount payable in respect of one pair of spectacles for a member or a dependant shall not exceed R50: Provided further, that no member or dependant will be allowed more than one pair of spectacles during the two-year period referred to herein;

(m) a maximum of R100 once every five years towards the cost of dentures in respect of a member only, plus a maximum of R100 once every five years in respect of a member's dependants.

10. SICK-PAY

A member in respect of whom contributions are received by the Society and who through sickness is compelled to absent himself from work shall, subject to clauses 9 and 11 of this Agreement, during the first five ordinary working days of such absence, be entitled to sick-pay during any 12 calendar months as laid down in the following table:

AMOUNT OF SICK-PAY TO BE PAID

Number of ordinary working days absent through sickness	Number of days' sick-pay which is paid	Based on weekly wage up to R27,50	Based on weekly wage between R27,51 and R35	Based on weekly wage between R35,01 and R45	Based on weekly wage of R45,01 and more
1	0	R	R	R	R
2	1	2,50	3,50	4,50	6
3	2	5,00	7,00	9,00	12
4	3	7,50	10,50	13,50	18
5	5	12,50	17,50	22,50	30

Should a member's period of absence through sickness exceed five working days, he shall be paid sick-pay for each working day of absence through sickness not exceeding a further 35 working days at the daily rate reflected in the Schedule below:

DAILY RATE OF SICK-PAY

(Based on ordinary earnings per week according to Council records)

Number of ordinary working days absent through sickness	Employees earning up to R27,50	Employees earning between R27,51 and R35	Employees earning between R35,01 and R45	Employees earning over R45
6 to 10.....	R 2,50	R 3,50	R 4,50	R 6,00
11 to 15.....	3,00	4,00	5,00	6,50
16 to 35.....	3,50	4,50	5,50	7,00

Saturday and Sunday shall for the purposes of sick-pay calculations not be considered to be working days.

Sick-pay shall only be payable to a member upon presentation to the Society of a completed official sick-pay medical certificate as prescribed in the regulations.

11. LIMITATION OF BENEFITS

(1) Without prejudice to the provisions of clauses 9 and 10 of this Agreement, services required by members and their dependants in connection with any of the following shall not be a liability of the Society:

(a) Any sickness arising out of disorderly behaviour, misconduct, indulgence in alcohol or intoxicating liquor, or the misuse of drugs or the like;

(b) continuation of sickness in cases where a member or dependant refuses to observe any reasonable instruction or recommendation of his medical attendant;

(k) 'n maksimum van R75 per jaar ter bestryding van die koste van tandheelkundige ondersoek, behandeling en chirurgie ten opsigte van 'n lid en/of sy afhanklikes: Met dien verstande dat daar vir goud- en ander stoppels betaal moet word teen die koers vir gewone stoppels, d.w.s. sement, silikaat of dergelike legering;

(l) die maksimum aanspreeklikheid van die Genootskap vir 'n bril vir 'n lid en sy afhanklikes is R100 vir elke tydperk van twee jaar vanaf die datum van die eerste eis vir 'n bril deur 'n lid: Met dien verstande dat die bedrag betaalbaar ten opsigte van een bril vir 'n lid of 'n afhanklike R50 mag wees: Voorts met dien verstande dat geen lid of afhanklike meer as een bril gedurende die tydperk van twee jaar hierin bedoel, toegelaat word nie;

(m) 'n maksimum van R100 een keer elke vyf jaar ter bestryding van die koste van kunsgebit ten opsigte van slegs 'n lid, plus 'n maksimum van R100 een keer elke vyf jaar ten opsigte van 'n lid se afhanklikes.

10. SIEKTEBESOLDIGING

(1) 'n Lid ten opsigte van wie bydraes deur die Genootskap ontvang word en wat weens siekte verplig word om van die werk weg te bly, is, behoudens klousules 9 en 11 van hierdie Ooreenkoms, gedurende die eerste vyf gewone werkdade van sodanige afwesigheid, geregtig op siektebesoldiging gedurende enige 12 kalendermaande soos in onderstaande tabel uiteengesit:

BEDRAG VAN SIEKTEBESOLDIGING WAT BETAAL MOET WORD

Getal gewone werkdade afwesig weens siekte	Getal dae siektebesoldiging wat betaal is	Gebaseer op weekloon van tot R27,50	Gebaseer op weekloon tussen R27,51 en R35	Gebaseer op weekloon tussen R35,01 en R45	Gebaseer op weekloon van R45,01 en meer
1	0	R	R	R	R
2	1	2,50	3,50	4,50	6
3	2	5,00	7,00	9,00	12
4	3	7,50	10,50	13,50	18
5	5	12,50	17,50	22,50	30

As 'n lid se tydperk van afwesigheid weens siekte langer as vyf werkdade duur, moet hy siektebesoldiging betaal word vir elke werkdag van afwesigheid weens siekte van hoogstens 'n verdere 35 werkdade teen die dagtarief in die Bylae hieronder gemeld:

DAGTARIEF VAN SIEKTEBESOLDIGING

(Gebaseer op gewone verdienste per week volgens Raad se registers)

Getal gewone werkdade afwesig weens siekte	Werknemers wat tot R27,50 verdien	Werknemers wat tussen R27,51 en R35 verdien	Werknemers wat tussen R35,01 en R45 verdien	Werknemers wat meer as R45 verdien
6 tot 10.....	R 2,50	R 3,50	R 4,50	R 6,00
11 tot 15.....	3,00	4,00	5,00	6,50
16 tot 35.....	3,50	4,50	5,50	7,00

Vir die berekening van siektebesoldiging word Saterdag en Sondag nie as werkdade geag nie.

Siektebesoldiging is aan 'n lid betaalbaar slegs by voorlegging aan die Genootskap van 'n ingevulde amptelike doktersertifikaat insake siektebesoldiging soos in die regulasies voorgeskryf.

11. BEPERKING VAN BYSTAND

(1) Sonder benadeling van klousules 9 en 10 van hierdie Ooreenkoms is dienste wat deur lede en hul afhanklikes vereis word in verband met en geen van die volgende, nie 'n aanspreeklikheid van die Genootskap nie:

(a) Enige siekte wat voortspruit uit wanordelike gedrag, wangedrag, oormatige gebruik van alkohol of sterk drank, of misbruik van drogerie of iets dergeliks;

(b) voortdurende van siekte in gevalle waar 'n lid of afhanklike weier om enige redelike opdrag of aanbeveling van sy dokter na te kom;

(c) any accidental or wilful injury which in the opinion of the Management Committee, should not be a charge upon the Society, or any accidental or wilful injury for which a third party is liable to pay, and does pay, compensation or which is covered by insurance, to the extent of such compensation or cover, as the case may be;

(d) injuries arising from assaults or motor accidents where a certified police report is not submitted to the Society;

(e) injuries received or occupational diseases contracted by a member whilst on duty, to the extent to which an employer provides treatment;

(f) sickness whilst on military service or for which the military authorities have accepted responsibility;

(g) operations of choice;

(h) the supply of patent medicines and such antibiotics as may be determined by the Management Committee;

(i) special treatments recommended by persons other than a registered medical practitioner;

(j) maternity and/or obstetrical cases and/or *sequela* [subject to clause 9 (4) (c)];

(k) mental ailments;

(l) venereal disease;

(m) heart operations which in the opinion of the Management Committee will involve the Society in unreasonable expense;

(n) accounts submitted for payment more than four months after the date on which such liabilities were incurred.

(2) If at any time the amount to the credit of the Society drops below a third of the previous year's annual expenditure on benefits to members, or R10 000, whichever amount is the greater, payment in terms of clause 9 shall cease and shall not be resumed until the amount to the credit of the Society exceeds the value of the claims on hand, plus R10 000 or a third of the previous year's annual expenditure on benefits, whichever is the greater amount. Upon resumption of the payment of benefits in terms of clause 9, payment shall be made in respect of all those claims received but not paid up to the date on which payment of benefits was suspended.

(3) Upon cessation of the payment of benefits, in terms of subclause (2), members shall be notified that no further claims for benefits under clause 9 will be received. Upon resumption of payment, members shall be notified that as from that date claims will again be received in respect of benefits.

12. MEDICAL TREATMENT

The Management Committee may at any time require a member or any of his dependants to undergo a medical examination at the Society's expense by any doctor which it may nominate.

13. MANAGEMENT

(1) The administration and control of the Society shall be vested in the Council who shall appoint from the members of the Council a Management Committee for the Society. The Secretary of the Society shall be appointed by the Council, in terms of clause 15 of this Agreement either in an honorary or a paid capacity.

(2) The Management Committee shall consist of all the representatives of the Council and the Chairman and Vice-Chairman of the Council shall *ipso facto* be the Chairman and Vice-Chairman of the Management Committee respectively.

(3) The Council shall choose, from amongst its representatives, alternates to the principal representatives of the Management Committee which it has appointed.

(4) Representatives and alternates to the Management Committee shall hold office for a period of 12 months, whereafter they shall be eligible for reappointment.

(5) A majority of the members of the Management Committee shall constitute a quorum at any meeting of the Committee. If a representative is absent from any meeting and an alternate is not in attendance, the voting power of employers or employees, who shall each have an equal number of representatives and alternates on the Committee, shall, as the case may be, be reduced as may be necessary to preserve the equality of voting power. Decisions of the Committee shall be taken by a majority vote.

(6) Should a dispute arise at any time as to the administration of the Society in regard to which members of the Management Committee are equally divided, the matter shall be referred to the Council for a decision.

(c) enige toevallige of opsetlike besering wat na die mening van die Bestuurskomitee nie die Genootskap ten laste behoort te kom nie, of enige toevallige of opsetlike besering waarvoor 'n derde party aanspreeklik is vir die betaling van vergoeding en dit wel betaal, of wat deur versekering gedek is, ten bedrae van sodanige vergoeding of dekking, na gelang van die geval;

(d) beserings as gevolg van aanranding of motorongelukke waar 'n gesertifiseerde polisierslag nie aan die Genootskap voorgelê word nie;

(e) beserings of beroepsiektes wat 'n lid opdoen terwyl hy op diens is, vir sover 'n werkgewer voorsiening vir behandeling maak;

(f) siekte tydens militêre diens of waarvoor die militêre owerhede verantwoordelikheid aanvaar het;

(g) operasie uit eie keuse;

(h) die verskaffing van patentmedisyne en sodanige antibiotika as wat die Bestuurskomitee mag bepaal;

(i) spesiale behandelings wat deur ander persone as 'n geregistreerde mediese praktisyn aanbeveel word;

(j) kraam- en of verloskundige gevalle en/of *sequela* [behoudens klousule 9 (4) (c)];

(k) geestesiektes;

(l) geslagsiektes;

(m) hartoperasies wat na die mening van die Bestuurskomitee die Genootskap onredelik baie sal kos;

(n) rekenings wat meer as vier maande na die datum waarop die aanspreeklikheid aangegaan is, vir betaling voorgelê word.

(2) As die bedrag in die kredit van die Genootskap te eniger tyd benede een derde van die vorige jaar se jaarlikse uitgawes aan bystand aan lede, of R10 000, daal, naamlik die grootste bedrag word betalings ooreenkomstig klousule 9 gestaak, en word dit nie hervat nie voordat die bedrag in die kredit van die Genootskap meer is as die waarde van die eise ter hand, plus R10 000 of een derde van die vorige jaar se jaarlikse uitgawes aan bystand, naamlik die grootste bedrag. By die hervatting van die betaling van bystand ooreenkomstig klousule 9, word betalings gemaak ten opsigte van al die eise wat tot op die datum waarop die betaling van bystand gestaak is, ontvang maar nog nie betaal is nie.

(3) By die staking van die betaling van bystand ingevolge subklousule (2) moet lede in kennis gestel word dat geen verdere eise vir bystand ooreenkomstig klousule 9 ontvang sal word nie. By die hervatting van betaling moet lede in kennis gestel word dat eise ten opsigte van bystand vanaf daardie datum weer ontvang sal word.

12. MEDIESE BEHANDELING

Die Bestuurskomitee kan te eniger tyd vereis dat 'n lid of enigeen van sy afhanklikes 'n mediese ondersoek ondergaan op koste van die Genootskap deur enige dokter wat die Komitee benoem.

13. BESTUUR

(1) Die bestuur en beheer van die Genootskap berus by die Raad wat uit die lede van die Raad 'n Bestuurskomitee vir die Genootskap moet aanstel. Die Sekretaris van die Genootskap moet of in 'n ere- of in 'n besoldigde hoedanigheid ooreenkomstig klousule 15 van hierdie Ooreenkoms deur die Raad aangestel word.

(2) Die Bestuurskomitee bestaan uit al die verteenwoordigers van die Raad, en die Voorsitter en die Ondervoorsitter van die Raad is *ipso facto* onderskeidelik Voorsitter en Ondervoorsitter van die Bestuurskomitee.

(3) Die Raad kies uit sy verteenwoordigers plaasvervangers vir die vernaamste verteenwoordigers van die Bestuurskomitee wat hy aangestel het.

(4) Verteenwoordigers en plaasvervangers in die Bestuurskomitee beklee hul amp vir 'n tydperk van 12 maande waarna hulle heraangestel kan word.

(5) 'n Meerderheid van die lede van die Bestuurskomitee vorm 'n kworum op enige vergadering van die Komitee. Indien 'n verteenwoordiger van enige vergadering afwesig is en 'n plaasvervanger nie teenwoordig is nie, word die stemme van werkgewers of werknemers, wat elk 'n gelyke getal verteenwoordigers en plaasvervangers in die Komitee moet hê, na gelang van die geval verminder ten einde 'n gelyke getal stemme te behou. Die Komitee se besluite word deur 'n meerderheidstem geneem.

(6) As 'n geskil te eniger tyd ontstaan oor die administrasie van die Genootskap waarvoor lede van die Bestuurskomitee gelykop verdeel is, moet die saak vir beslissing na die Raad verwys word.

14. POWERS AND DUTIES OF THE COMMITTEE

The Management Committee shall direct the policy of the Society and administer the general business and activities of the Society, in accordance with the provisions of this Agreement and in so doing, the Management Committee shall take all such steps as it may deem necessary, or which it considers will be conducive towards or will assist in the attainment of such object. In particular the Management Committee may—

- (a) from time to time invest so much of the moneys of the Society as are not immediately required to meet the obligations of the Society, in the manner prescribed in clause 18 (4) of this Agreement;
- (b) realise, sell or otherwise dispose of or deal with any of the assets of the Society;
- (c) subject to the approval of the Council, in addition, remove any member from membership of the Society—
 - (i) if he applied in writing for such removal; or
 - (ii) if it is in the interest of the Society.

15. OFFICERS

The Council shall appoint an auditor, a secretary, a chief medical officer and such other staff on such terms and conditions as it may deem fit and may vary such appointments, arrange and provide for premises, office furniture and equipment for the administration of the Society.

16. AGENTS

Any agent appointed by the Council shall assist in giving effect to the terms of this Agreement. It shall be the duty of every employer to permit such agents to enter his establishment and to institute such enquiries and to examine such documents, books, wage-sheets, pay envelopes and pay tickets and to interrogate such individuals as may be necessary for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed, and in the event of there being no agents appointed by the Council it may authorise the Management Committee to appoint one or more agents, with similar powers and duties of the agents referred to above, for so long as contributions are due to the Society by members and employers.

17. EXEMPTIONS

- (1) The Management Committee may grant exemption from any or all of the provisions of this Agreement in respect of an employer and/or one or more of his employees.
- (2) The Management Committee shall fix in respect of any employer or person granted exemption under the provisions of subclause (1) above the conditions, if any, subject to which such exemption is granted and the period during which such exemption shall operate: Provided that the Management Committee may, if it deems fit, after giving three months notice, in writing, to the employer or employee concerned, withdraw or vary any certificate of exemption.
- (3) The Secretary shall issue to every employer/employee granted exemption in accordance with the provisions of this clause a certificate signed by him setting out—
 - (a) the full name of the employer/employee concerned;
 - (b) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;
 - (c) the conditions, if any, fixed in accordance with the provisions of subclause (2) hereof subject to which such exemption is granted; and
 - (d) the period during which the exemption shall operate.
- (4) The Secretary shall—
 - (a) number consecutively all certificates issued;
 - (b) retain a copy of such certificate issued; and
 - (c) where an exemption is granted to an employee, forward a copy of the certificate of exemption to the employer concerned.
- (5) Every employer/employee shall observe the provisions of any certificate of exemption issued in terms of this clause.

18. FINANCIAL CONTROL

- (1) A banking account shall be opened with the Council's bankers in the name of the Society. The Committee shall have the power to open and operate such other banking accounts

14. BEVOEGDHED EN PLIGTE VAN DIE KOMITEE

Die Bestuurskomitee bepaal die beleid van die Genootskap en administreer die algemene sake en werksaamhede van die Genootskap na te kom nie, op die wyse voorgeskryf in klousule 18 (4) van hierdie Ooreenkoms; en in die uitoefening van hierdie funksies, doen die Bestuurskomitee alle sodanige stappe as wat hy nodig ag, of wat hy beskou as bevorderlik vir, of wat hom sal help in die bereiking van sodanige doelstelling. In die besonder kan die Bestuurskomitee—

- (a) van tyd tot tyd soveel van die geld van die Genootskap belê as wat nie onmiddellik nodig is om die verpligtings van die Genootskap na te kom nie, op die wyse voorgeskryf in klousule 18 (4) van hierdie Ooreenkoms;
- (b) enige bates van die Genootskap te gelde maak, verkoop of andersins daarvoor beskik of daarmee handel;
- (c) behoudens die goedkeuring van die Raad, enige lid ook van lidmaatskap van die Genootskap onthef—
 - (i) as hy skriftelik om sodanige ontheffing aansoek doen; of
 - (ii) as dit in belang van die Genootskap is.

15. BEAMPTES

Die Raad moet 'n ouditeur, 'n sekretaris, 'n hoof-mediese beampte en sodanige ander personeel aanstel op sodanige voorwaardes en bepalinge as wat hy goedvind, en hy kan sodanige aanstellings verander en reëlings tref en voorsiening maak vir persele, kantoormeubels en -uitrusting vir die administrasie van die Genootskap.

16. AGENTE

Enige agent wat deur die Raad aangestel word, moet help om die bepalinge van hierdie Ooreenkoms uit te voer. Dit is die plig van elke werkgever om sodanige agente toe te laat om sy bedryfsinrigting binne te gaan en om sodanige navraag te doen en om sodanige dokumente, boeke, loonstate, loonkoevertes en loonkaartjies te ondersoek en om sodanige individue te ondervra as wat nodig is met die doel om vas te stel of die bepalinge van hierdie Ooreenkoms nagekom word, en ingeval geen agente deur die Raad aangestel word nie, kan hy die Bestuurskomitee magtig om een of meer agente aan te stel, beklee met soortgelyke bevoegdhede en belas met soortgelyke pligte as die agente wat hierbo gemeld word, vir solank bydraes deur lede en werkgevers aan die Genootskap verskuldig is.

17. VRYSTELLINGS

- (1) Die Bestuurskomitee kan vrystelling verleen van enige van of al die bepalinge van hierdie Ooreenkoms ten opsigte van 'n werkgever en/of een of meer van sy werknemers.
- (2) Die Bestuurskomitee moet, ten opsigte van enige werkgever of persoon aan wie vrystelling ingevolge subklousule (1) hierbo verleen is, die voorwaardes, as daar is, vasstel waarop sodanige vrystelling verleen word en die tydperk waarvoor sodanige vrystelling van krag is: Met dien verstande dat die Bestuurskomitee, indien hy dit gerade ag, nadat hy drie maande skriftelik kennis aan die betrokke werkgever of werknemer gegee het, enige vrystellingsertifikaat kan intrek of wysig.
- (3) Die Sekretaris moet aan elke werkgever/werknemer aan wie vrystelling ingevolge hierdie klousule verleen word, 'n sertifikaat onder sy handtekening uitreik waarin hy die volgende besonderhede vermeld:
 - (a) Die naam van die betrokke werkgever/werknemer voluit;
 - (b) die bepalinge van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;
 - (c) die voorwaardes, as daar is, vasgestel ooreenkomstig subklousule (2) hiervan, waarop sodanige vrystelling verleen word; en
 - (d) die tydperk waarvoor die vrystelling van krag is.
- (4) Die Sekretaris moet—
 - (a) alle uitgereikte sertifikate in volgorde nommer;
 - (b) 'n kopie van elke sodanige uitgereikte sertifikaat bewaar; en
 - (c) wanneer vrystelling aan 'n werknemer verleen word, 'n kopie van die vrystellingsertifikaat aan die betrokke werkgever stuur.
- (5) Elke werkgever/werknemer moet die bepalinge van enige vrystellingsertifikaat wat ingevolge hierdie klousule uitgereik is, nakom.

18. FINANSIELE BEHEER

- (1) 'n Bankrekening moet by die Raad se bankiers op naam van die Genootskap geopen word. Die Komitee het die bevoegdheid om sodanige ander bankrekeninge as wat hy van

in the name of the Society as it may deem necessary from time to time and shall designate the persons authorised to operate upon any of the Society's banking accounts.

(2) All moneys paid to the Society shall be paid into one of the Society's banking accounts without delay.

(3) All expenses incurred in connection with the administration of the Society shall be a charge upon the Society.

(4) Any moneys not required to meet current payments and expenses shall be invested in—

- (a) Stock of the Government of the Republic of South Africa or local government stock;
- (b) National Savings Certificates;
- (c) Post Office savings accounts or certificates;
- (d) savings accounts, permanent shares or fixed deposits in building societies or banks; or
- (e) in any other manner approved by the Registrar.

(5) The financial year of the Society shall end on 31 December of each year.

(6) As soon as possible after 31 December of each year, the Management Committee shall cause to be prepared a statement of all revenue and expenditure of the Society and a balance sheet showing the assets and liabilities in respect of the period of 12 months ended 31 December, which shall be certified by the auditor and countersigned by the Chairman of the Society and submitted together with any report by the auditor thereon to the Council.

(7) The audited statement and balance sheet shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall within three months of the close of the period covered thereby be submitted to the Secretary for Labour, Pretoria.

19. INDEMNITY

(1) The members of the Council, the members of the Management Committee, and the officers of the Society shall not be held responsible for any act which may result in loss to the Society where such act was done in good faith, and shall not be liable for the debts and liabilities of the Society and they are hereby indemnified by the Society against all losses and expenses incurred by them in or about the bona fide discharge of their duties.

(2) The Council and/or Management Committee shall not be held responsible for any contributions deducted and any contributions due and payable by the employer not paid into the Society upon the sequestration or liquidation of the employer's estate or at all.

20. GENERAL PROVISIONS

(1) Any benefits, right or interest to which a member of the Society may claim to be entitled in terms of this Agreement shall not be used as a ground for damages in any action brought by such member against the employer in respect of dismissal.

Nothing in this Agreement shall in any way restrict the right of an employer to terminate the employment of such a member.

(2) No person, whether a member or otherwise, shall have any claim, right or interest upon, to or in respect of the Society or any contributions thereto or any interest therein or any claim against the Council or Management Committee and the employers, except under and in accordance with the provisions of this Agreement.

(3) Subject to the provisions of the Insolvency Act, 1936, as amended, or any law, if the estate of any member and/or his dependant is sequestrated, or assigned, the benefit to which such member or dependant is entitled shall not form part of the assets of his insolvent or assigned estate but shall revert to the Society and may be dealt with by the Committee concerned in a manner calculated, in the opinion of the Committee, to benefit such member or dependant.

21. REGULATIONS

(1) The Management Committee shall have power to make, vary and repeal regulations not inconsistent with the provisions of this Agreement, or any other law for the efficient carrying out of the Society's objects, and for determining the extent of the benefits to be granted by the Society and the terms and conditions applicable thereto.

(2) A copy of the regulations shall be issued to every member of the Society upon demand and shall also be transmitted to the Secretary for Labour, as well as copies of any amendments thereto.

tyd tot tyd nodig ag, op naam van die Genootskap te open en daarop te werk en moet die persone aanwys wat gemagtig is om met enigeen van die Genootskap se bankrekenings te werk.

(2) Alle geld wat aan die Genootskap betaal word, moet sonder versuim in een van die Genootskap se bankrekenings inbetaal word.

(3) Alle koste wat aangegaan word in verband met die administrasie van die Genootskap, kom ten laste van die Genootskap.

(4) Enige geld wat nie nodig is om lopende betalings te doen en koste te vereffen nie, moet belê word in—

- (a) Staatseffekte van die Republiek van Suid-Afrika of effekte van plaaslike owerhede;
- (b) Nasionale Spaarsertifikate;
- (c) Poskantoor spaarrekenings of -sertifikate;
- (d) spaarrekenings, permanente aandele of vaste deposito's by bougenootskappe of banke; of
- (e) op enige ander manier wat deur die Registrateur goedgekeur word.

(5) Die boekjaar van die Genootskap sluit op 31 Desember elke jaar.

(6) So spoedig doenlik na 31 Desember elke jaar moet die Bestuurskomitee 'n staat laat opstel van alle inkomste en uitgawes van die genootskap en 'n balansstaat wat die bates en laste toon vir die tydperk van 12 maande geëindig 31 Desember, wat deur die ouditeur gesertifiseer en deur die Voorsitter van die Genootskap medeonderteken en tesame met enige verslag deur die ouditeur daarvoor aan die Raad voorgelê moet word.

(7) Die geouditeerde staat en balansstaat moet daarna ter insae lê op die kantoor van die Raad en afskrifte daarvan moet binne drie maande na die sluiting van die tydperk wat daardie gedek word, aan die Sekretaris van Arbeid, Pretoria, voorgelê word.

19. VRYWARING

(1) Die lede van die Raad, die lede van die Bestuurskomitee en die beampptes van die Genootskap word nie verantwoordelik gehou vir enige handeling wat kan lei tot 'n verlies vir die Genootskap waar sodanige handeling te goeder trou verrig is nie en hulle is ook nie aanspreeklik vir die skulde en laste van die Genootskap nie en hulle word hierby deur die Genootskap gevrywaar teen alle verliese en koste deur hulle aangegaan in of in verband met die bona fide-uitvoering van hul pligte.

(2) Die Raad en/of Bestuurskomitee word nie verantwoordelik gehou vir enige bydraes afgetrek en enige bydraes verskuldig en betaalbaar deur die werkgewer wat by sekwestrasie of likwidasië van die werkgewer se boedel of hoegenaamd nie in die Genootskap inbetaal is nie.

20. ALGEMENE BEPALINGS

(1) Enige bystand, reg of belang waarop 'n lid van die Genootskap na hy beweer ingevolge hierdie Ooreenkoms geregtig is, mag nie gebruik word as grond vir skadevergoeding in enige geding wat deur sodanige lid teen die werkgewer ten opsigte van sy ontslag ingestel word nie.

Niks in hierdie Ooreenkoms beperk enigerwyse die reg van 'n werkgewer om die diens van sodanige lid te beëindig nie.

(2) Niemand, hetsy hy 'n lid is of nie, het enige eis, reg of belang teen, op of ten opsigte van die Genootskap, of enige bydraes daartoe of enige belang daarby of enige eis teen die Raad of Bestuurskomitee en die werkgewers nie, behalwe kragtens en ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms.

(3) Behoudens die Insolvensiewet, 1936, soos gewysig, of enige wet, maak die bystand waarop 'n lid of afhanklike geregtig is, by sekwestrasie of afstanddoening van sy boedel nie deel van die bates van sy insolvente of afgestane boedel uit nie, maar val dit toe aan die Genootskap, en die betrokke Komitee kan daarvoor beskik op 'n wyse wat, na die mening van die Komitee, daarop bereken is om sodanige lid of afhanklike te bevoordeel.

21. REGULASIES

(1) Die Bestuurskomitee het die bevoegdheid om regulasies wat nie met hierdie Ooreenkoms of enige ander wet onbestaanbaar is nie, te maak, te wysig en te herroep om behoorlik uitvoering te gee aan die Genootskap se oogmerke en om die omvang te bepaal van die bystand wat deur die Genootskap toegestaan moet word, asook die bepalinge en voorwaardes wat daarop van toepassing is.

(2) 'n Eksemplaar van die regulasies, sowel as eksemplare van enige wysigings daarvan, moet op aanvraag aan elke lid van die Genootskap uitgereik word en moet ook aan die Sekretaris van Arbeid gestuur word.

22. LIQUIDATION OF THE SOCIETY

(1) In the event of the expiry of this Agreement by the effluxion of time or cessation for any other cause and no subsequent Agreement being negotiated for the purpose of continuing the operation of the Society or the Society not being transferred by the Council to any other fund constituted for the same purpose within 12 months from the date of expiry of this Agreement, the Society shall be dealt with in the manner provided for in subclause (3). The Society shall during the said 12 months period be administered by the Management Committee.

(2) In the event of the dissolution of the Council or in the event of its ceasing to function during any period during which this Agreement is binding in terms of section 34 (2) of the Act, the Society shall continue to be administered by the Management Committee. Any vacancy occurring on the Committee may be filled by the Registrar from employers and employees in the Industry. In the event of the Management Committee being unable or unwilling to discharge its duties or a deadlock arising thereon which renders the administration of the Society impracticable or undesirable in the opinion of the Registrar, he may appoint a person who shall forthwith co-opt two more persons, one being a member of the Society or a paid official of one of the trade unions and the other being a member of the employers' organisation or a paid official thereof, and these persons together shall be the trustees in whom the powers, rights and duties of the Management Committee shall vest. If there is no Council in existence upon the expiry of this Agreement, the Society shall be dealt with in the manner provided for in subclause (3).

(3) (a) The Management Committee or trustees, as the case may be, shall, after the expiry of the 12-month period referred to in subclause (1) or after the expiry of the Agreement in terms of subclause (2), continue to administer the Society and provide benefits to members, excluding sick pay provided for in clause 10, as if the Agreement remained in operation, until such time as the moneys standing to the credit of the Society fall to the amount specified in clause 11 (2), in which event the Society shall be liquidated by the Management Committee or the trustees, as the case may be, in terms of paragraph (b).

(b) In the event of the liquidation of the Society in terms of this subclause any amount left over after payment of all creditors, liabilities and debts of the Society shall be paid to the trade unions, in proportion to the amount of contributions paid in respect of members of each union, to assist them in the re-establishment of a sick benefit scheme. Should the trade unions no longer be in existence, then the moneys to be paid over to them in terms of this subclause shall be dealt with in accordance with the provisions of section 13 of the Act as though it formed part of the assets of the trade unions.

(4) Should the Management Committee, trustees or the trade unions have any reasonable cause for the Society to be dissolved at any time during the administration of the Society in terms of subclause (3) (a), the Society shall, notwithstanding the provisions of subclause (3) (a), be liquidated in the manner set out in subclause (3) (b).

This Agreement signed on behalf of the parties at Cape Town this 16th day of January 1979.

MAX STONE, Chairman.

G. FLETCHER, Vice-Chairman.

I. KENNEY, Secretary.

ANNEXURE A

Wage category	Total weekly contributions by employee and employer
Up to R27,50 per week.....	R 0,84
Over R27,50 up to R35 per week.....	1,08
Over R35 up to R45 per week.....	1,44
Over R45 per week.....	2,00

22. LIKWIDERING VAN DIE GENOOTSKAP

(1) Indien hierdie Ooreenkoms verstryk weens verloop van tyd of beëindiging om enige ander rede en geen daaropvolgende ooreenkoms binne 12 maande na die datum van verstryking van hierdie Ooreenkoms aangegaan word om die werksaamhede van die Genootskap voort te sit nie of indien die Genootskap nie binne 12 maande na die datum van verstryking van hierdie Ooreenkoms deur die Raad na enige ander fonds oorgedra word wat vir dieselfde doel ingestel is nie, moet met die Genootskap gehandel word op die wyse in subklousule (3) bepaal. Die Genootskap moet gedurende gemelde tydperk van 12 maande deur die Bestuurskomitee geadministreer word.

